

## Hoofstuk 3.2

### KONSOLIDASIE (30-erjare)



**“Sonder oordrywing kan met vrymoedigheid gesê word dat aan die PUK gewerk word. Hieraan moet ook die gestadigde maar gesonde groei van die inrigting toegeskryf word.”**

- Prof F Postma, in jaarverslag 1936

**“O, hoe beny ek Potchefstroom om hulle Rektor; hoe beny ek u inrigting dat hy ‘n raad, ‘n senaat en ‘n studenteliggaaam het wat met EEN ideaal besiel is.”**

- Prof W Arndt, UKOVS (1939)



### 3.2.1 “Gestadigde maar gesonde groei”

Die dekade dertig kan, vir sover dit die PUK betref, in velerlei opsigte beskryf word as ‘n tydperk van akademiese konsolidasie, ná die woeling en wroeging van die vorige dekade om tog maar net ‘n plek in die son van die universiteitswese in Suid-Afrika te verkry en te behou.

In sy terugskouing oor die jaar 1936 vat Postma dit kernagtig só saam: “Sonder oordrywing kan met vrymoedigheid gesê word dat aan die P.U.K. **gewerk** word. Hieraan moet ook die gestadigde maar gesonde groei van die Inrigting toegeskryf word.” Inderdaad sou die hele dekade se bedrywighede op die Bult, maar in die besonder ook die akademiese faset, met die term “gestadigde maar gesonde groei” beskryf kon word.

In hierdie era het verskeie akademici na vore getree en vir hulleself óf naam gemaak óf ‘n onderbou geskep waarop hulle in die latere jare kon voortbou. Met hulle prestasies en groei in statuur het hulle terselfdertyd akademiese prestige aan die jong stiefkind in die universitaire familie laat toekom. In hierdie opsig was dit veral prof JD du Toit (Totius) wat deur sy werk en prestasies as die vernoomste “uitvoerproduk” of beeldbouer van die PUK gedien het. Daar is ook

oor ‘n wye front met buitelandse akademici geskakel, waardeur broodnodige akademiese kruisbestuiwing verseker is.


En, vir die derde keer, was die PUK so byna-byna sy rektor kwyt!

### 3.2.2 Topbestuur, fakulteite en personeel

#### Topbestuur

Die Raad van die PUK, as hoogste bestuursliggaam, het in die dertigerjare van tyd tot tyd ietwat van gedaante verander, soos lede gekom en gegaan het. Veral die regering se benoemdes het kort-kort gewissel, grootliks omdat hoofsaaklik magistrate, wat aan periodieke verplasing onderworpe was, as sodanig aangewys is.

Binne twee jaar nadat hy sitting op die Raad geneem het, is magistraat AJR Wilmot in April 1931 deur sy opvolger, EJ Kerswill, vervang – net om ‘n jaar later (1932) weer vir sy opvolger SJH van Schoor plek te maak. En nog ‘n jaar verder (1933) is dit maar weer dieselfde storie, met nuwe magistraat HJ Malan nou in hierdie besondere stoel. Malan dien darem vir



#### 3.2.1

*Raad en administratiewe personeel 1930. Sittend: ds HJR du Plessis, ds NH van der Walt, mej B Coetzee, ds WJ de Klerk (voorsitter), mej B Jansen van Rijssen, prof dr F Postma (Rektor), mnr P Stoker. Staande: prof JC van Rooy, mnr LDC Bosman, ds JV Coetzee, ds ID Krüger, komdt AJ Alberts, mnr JP Nel, mnr S du Toit, ds DN Kotzé. Inlaas: ds D Rumpff.*



### 3.2.2

#### *RG Amm ... het skynbaar vrede gemaak met Puk se karakter*

ongeveer drie jaar tot einde 1936 en sy opvolger, ACG Oakes, het skaars sy plek ingeneem voordat hy aan die begin van 1938 weens aftrede moes plek maak vir HC Baxter. Laasgenoemde se verblyf op Potchefstroom was ook maar van korte duur en in 1940 wys sy opvolger, CH Chenoweth, sy gesig in die raadsaal van die PUK. Toe ook hy na slegs twee jaar weens verplasing die pad vat, is uiteindelik skynbaar besef dat hierdie stelsel nie werk nie en is die bekende Potchefstroomse prokureur, kolonel Izak Meyer, wat vanaf 1919 tot einde 1924 as raadslid gedien het, in 1942 weer nader getrek.

In 1936 is mnr LDC Bosman oorlede en is mnr RG Amm in die vakature aangestel. Mnr Amm is op rekord dat hy hom so ver terug as 1915 sterk uitgespreek het teen wat hy bestempel het as die denominasionele opleiding van die "Dopper church", en hy was ook sterk gekant teen ds WJ de Klerk se deelname aan die 1915-verkiesing.<sup>1</sup> By sy toetreden tot die raadsgedere van die PUK was die stryd om die karakter van die PUK grootliks afgeloop en het Amm skynbaar daarmee vrede gemaak. In 1942 het senator BD Pienaar, wat saam met prokureur JP Nel ook sedert 1919 op die Raad gedien het maar in 1927 bedank het en toe weer in 1937 in die plek van wyle ds WPJ Poén tot die

Raad herkies is, weens swak gesondheid uitgetree en is 'n plaaslike geneesheer, dr A van der Poel, in sy plek aangestel.

Betreffende die verteenwoordiging van donateurs en oudstudente was daar darem minder skommeling. Met die verstryking van ds D Rumpff se termyn in 1931 is hy deur ds JA van Rooy vervang. Mnr P Stoker, wat ook vanaf 1919 gedien het, is in 1939 oorlede en is vervang deur die bekende Potchefstroomse persoonlikheid CL ("Charlie") Olen, wat in 1924 vir 'n baie kort termyn lid van die Raad was maar tydens die sogenaamde "rebellie" aan die einde van 1924 saam met kolonel Meyer en ds Vermooten bedank het. Sy toetreden tot die Raad is, volgens du Plessis, "as 'n aanwins beskou, veral ook ter versterking van die bande tussen 'town and gown' ".<sup>2</sup>

Die enigste verdere wysiging in die samestelling van die Raad was dat ds WJ de Klerk, eertydse registrator, in 1932 ds ID Kruger se plek as voorstitter ingeneem het.

Gestadigde en gesonde groei kom ook nie maar sommer vanself nie. In die enjinkamer van die voortstuwend en groeiende inrigting het dit bestendig daaraan toegegaan. Die rektorskap was steeds stewig verskans in die alom gerespekteerde persoon van Ferdinand Postma, terwyl die kombinasie JC van Rooy en S du Toit (assistent) in die registratorskantoor ewe flink gefunksioneer het. In 1938 het daar wel 'n verandering plaasgevind. Prof JC van Rooy se velerlei verpligte as dosent maar ook op die breë terrein van die Afrikaanse volkslewe het skynbaar sy tol begin eis en het hy gevolelik teen die einde van 1937 dié amp neergelê. Hy sou egter steeds funksioneer as sekretaris van die Raad en die Senaat – 'n opsigtelike skuif om nie sy ervaring en kennis op top bestuursvlak te ontbeer nie. Mnr S ("Vaatjie") du Toit, wat die vorige dekade lank as van Rooy se assistent opgetree het, het van Rooy as registrator opgevolg.

"Die verandering", rapporteer Postma in sy jaarverslag vir 1937, "beteken alleen 'n welverdiende verligting van werk in die een geval en 'n welverdiende verhoging in die ander geval". En hy loof die twee here, wat as 'n span baie goed saamgewerk het, as synde "grotendeels die oorsaak van die gesonde finansiële posisie waarin die inrigting verkeer". Daar is egter genoegdoening dat die verandering nie nou negatief sou inwerk nie: "Nog sal gesamentlik die masjinerie glad en sonder geraas voortwerk onder die bekwame bestuur van die Sekretaris en die Registrator."<sup>3</sup>

'n Klerk en twee tikster-klerke het die res van die administratiewe werk behartig.<sup>4</sup>



## Fakulteite

Waar die PUK aan die einde van die dekade twintig net oor twee fakulteite beskik het, te wete dié van Lettere en Wysbegeerte en van Natuurwetenskappe, sou twee verdere fakulteite in die loop van die volgende tien jaar hul verskyning op die Bult maak, naamlik die Fakulteit Teologie (1930) en 'n Fakulteit Opvoedkunde (1935). Op sigself vertel dit 'n verhaal van groei en ontwikkeling.

Wat die **Fakulteit Lettere en Wysbegeerte** betref,<sup>5</sup> het 'n eerste verandering reeds in 1930 ingetree toe 'n selfstandige Fakulteit vir Teologie in die lewe geroep is en hierdie vak dus soontoe oorgeplaas is. Klassieke Kultuur maak in dieselfde jaar sy toetrede tot die fakulteit en twee jaar later, in 1932, kom ook Filosofie van die Oudheid en Sosiologie by. Ander toevoegings was Regsvakke en Staatsreg (1933), Wiskunde en Toegepaste Wiskunde (1934), Aardrykskunde (1936), Maatskaplike Werk (1938) en Wiskunde (1939). Vanaf 1939 word Handelsvakke binne die fakulteit aangebied, maar dit sou weldra tot 'n selfstandige fakulteit ontwikkel.

Behalwe Teologie was daar ook verdere "verliese" vir die fakulteit. Opvoedkunde het in 1935 oorgeskuif na die pasgestigte nuwe fakulteit – hoewel Opvoedkunde as eenjarige kursus weer in 1939 onder Lettere en Wysbegeerte resorteer. Wiskunde en Toegepaste Wiskunde word in 1938 uitgefaseer.

Die dekane wat in die dekade dertig aan die stuur van die hierdie fakulteit gestaan het was proff SPE Boshoff (1930), J Chr Coetzee (1931-1932), AJH van der Walt (1933-1934), HG Schulze (1935-1936), LJ du Plessis (1937-1938) en DJ van Rooy (1939-1940).

Die **Fakulteit Natuurwetenskappe**<sup>6</sup> het nie veel wysigings ondergaan nie. Hoewel dit reeds vanaf 1927 as hoofvak vir B Sc en as vak vir M Sc aangebied kon word, ressorteer Sielkunde as departement eers vanaf 1933 onder hierdie fakulteit. Aardrykskunde en Aardkunde, in 1935 ingestel, het dubbele voogdyskap verkry en onder beide die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte en Fakulteit Natuurwetenskappe ingeskakel.

As dekane van hierdie fakulteit figureer proff DJ van Rooy (1929-1930), G van Wageningen (1931-1932), DJ du Plessis (1933-1934), GTS Eiselen (1935-1936), AP Goossens (1937-1938) en weer van Wageningen (1939-1940).

Inlyn met verwikkelinge by die Universiteit van Suid-Afrika, waar 'n selfstandige fakulteit vir Teologie tot stand gekom het, is die betrokke departement ook vanaf die begin van 1930 omvorm tot 'n **Fakulteit van**

**Teologie.** Voortaan sou die professore wat tot dusver as spesiale dosente die vak aan die PUK aangebied het, ook as professore gereken word. Drie dekane het in die dertigerjare gedien: proff JA du Plessis (1930-1932), CJH de Wet (1933-1934) en JC van Rooy (1936-1940).<sup>7</sup>


'n Vierde fakulteit, **die Fakulteit Opvoedkunde**, het in 1935 sy verskyning op die PUK gemaak. Teen hierdie tyd kon daar reeds drie duidelike departemente onderskei word, te wete Opvoedkunde, Historiese Opvoedkunde en Eksperimentele Opvoedkunde – met prof J Chr Coetzee as hoof van al drie! Ten opsigte van sekere onderafdelings het hy hulp van ander dosente ontvang en in 1936 is in ooreenkoms met die Normaal Kollege praktiese en tegniese onderrig vir aspirant-onderwysers (UOD-kursus) deur dosente van laasgenoemde inrigting verskaf. Met die vertrek van prof van Heerden teen die einde van 1934 is sy opvolger as rektor, mnr PJ van der Merwe, vanaf 1935 as ereprofessor in Opvoedkunde aan die PUK benoem.

Tot 'n baie groot mate kan die werkzaamhede van die Fakulteit Opvoedkunde in hierdie jare – en inderdaad ook in die voorafgaande tydperk vanaf 1925 – bestempel word as 'n eenmansvertoning ('n "one man's show"): dié van J Chr Coetzee: Hy was aanbieder van omtrent al die baie segmente waarin die verskillende dissiplines opgedeel is, hoof van die drie onderskeibare departemente, man-alleen verantwoordelik vir nagraadse opleiding van handevol kandidate – en dan boonop, as enigste professor in die fakulteit tot 1949, ook solodekaan tot aan die einde van 1950.<sup>8</sup>

## Personeel

**Die PUK se personeelkorps** het teen 1939 bestaan uit altesaam 20 professore, vier senior lektore, twee lektore en en sewe assistentskappe. Die professorelys sluit in rektor Ferdinand Postma, wat steeds 'n stewige doseerdrag op sy skouers geneem het, die rektor van die Teologiese Skool en deeltydse dosent in die fakulteit Teologie, prof JD du Toit, en dan ook die prinsipaal van Normaal Kollege, met beperkte doseeropdrag. Hierbenewens is ook op beperkte skaal gebruik gemaak van personeel van Normaal Kollege (vir opvoedkundige opleiding) en van die plaaslike Handelskool (vir handelsvakke).<sup>9</sup>

Prof G Dekker het deeltyds as bibliotekaris opgetree en is bygestaan deur 'n assistent-bibliotekaris, welke pos in 1932 vanweë die depressietoestande teruggesny moes word na dié van biblioteekklerk maar weer in 1938 in ere herstel is. 'n Klerk en twee tikster-klerke het die res van die administratiewe werk behartig.<sup>10</sup>



### 3.2.3

**Personnel 1930.** Voor: Prof JC Coetze, mej E Mackenzie, prof F Postma, mev M van der Merwe, prof JA du Plessis. Middel: mnr LJ du Plessis, dr JP van der Merwe, mnr GTS Eiselen. Agter: mnr E Haddad, prof HG Schulze, prof CJH de Wet, prof DJ van Rooy, dr G Dekker, prof AJH van der Walt, prof DJ du Plessis, prof JC van Rooy, prof G van Wageningen. Ingevoeg: prof SPE Boshoff, prof JD du Toit, prof HG Stoker, prof Alma Norenus.

In 1938 maak die "Stafklub" sy verskynning op die kampus, synde 'n klub van alle dosente en met doelstelling "die bespreking van wetenskaplike vraagstukke in verband met die uitgesproke beginsels van die P.U.K.". Die mikpunt en ideal was om eenheid onder die personeel te bevorder, wat – volgens Postma – "baie wenslik en bevorderlik" is vir die bloei van die inrigting.<sup>11</sup> Dit wil voorkom asof LJ du Plessis, wat 'n pleidooi in hierdie verband in die Senaat gelewer het, die dryfkrag agter hierdie stigting was.<sup>12</sup>

Die PUK het in die dertigerjare 'n paar formidabele akademiese persoonlikhede moes afstaan. Bo aan hierdie lys staan gewis 'n man soos **prof SPE Boshoff**, wat sedert 1915 eers aan die Literariese Departement van die Teologiese Skool en daarna aan die PUK verbond was en nou, in 1930, 'n pos aan die Universiteit van Kaapstad aanvaar het. "Die Inrigting moet 'n groot verlies boek", het rektor Postma in sy senaatsverslag aangeteken, en toegegee: die PUK se verlies is UK se groot wins. Boshoff se deeglike en bekwame werkrag sou nie maklik vervang kon word nie.<sup>13</sup>

Sedert hy in 1915 met Nederlandse befondsing en op effens losse grondslag deel van die personeelkorps op Potchefstroom geword het, het Boshoff hom spoedig gevestig as een van die topleiers in 'n uitgelese kring van akademiese reuse. Maar Boshoff was ook 'n leier in die plaaslike gemeenskap, waar hy as stadsraadslid en vir twee termyne as burgemeester 'n groot rol gespeel het in munisipale aangeleenthede. In sy latere loopbaan het Boshoff homself as 'n man van formaat op die gebied van die Afrikaanse taal en kultuur uitgewys. Die PUK het inderdaad 'n kleurryke en dinamiese persoonlikheid verloor, 'n man wat vorentoe nog diep spore in die akademie en openbare lewe sou trap.<sup>14</sup>

'n Ander voelbare verlies was die uittrede van **professor AC Norenus**, wat vanaf 1925 tot 1934 deel van die PUK-familie was. Haar kom die eer toe dat sy die eerste vroulike professor en saam met MM (Millie) Radloff die eerste vroulike dosent aan die PUK was, in 'n tyd toe die vrou nog nie huis 'n plek en rol in die akademie en aan die PUK gegun is nie. Na die ongelukkige en kortstondige ervaring met prof Paterson, wat as gevolg van 'n drankprobleem na net 'n jaar sy pos moes ontruim, het Norenus die



## 3.2.4

**Prof AC Norenus - "Engelse roos onder die dorings" op PUK , wie se bedanking in 1934 met leedwese aanvaar is.**

departement Engels onder haar vlerk geneem en dit tot 'n spogdepartement uitgebou. In 1929 is sy met langverlof na Engeland, waar sy vroeg in 1931 haar doktorsgraad aan die Universiteit van Londen verwerf het. Terwyl sy met haar studies oorsee besig was, is sy aan die begin van 1930 tot professor bevorder. Die Raad en Senaat was oortuig "dat die meervoudige bekwaamheid van die Professor die Inrigting seer ten goede sal kom".<sup>15</sup>

Drie jaar later, in April 1934, het prof Norenus egter haar betrekking neergelê. Daar is "met leedwese" van haar besluit kennis geneem en tydens 'n formele afskeid is sy verseker dat haar dienste en optrede aan die PUK hoog waardeer is.<sup>16</sup> Norenus het haar innige spyt oor haar bedanking in 'n persoonlike brief aan prof Postma uitgespreek en hom ingelig dat sy tydens haar verblyf in Engeland deur 'n groot geestelike krisis gegaan het, wat gelei het tot die besluit om haar tot die Church of England Community of Sisters te wend. Sy het Postma persoonlik gloeiend bedank "for all the kindness, sympathy and help that you have, throughout these years, extended to me. They have always filled me with a real sense of appreciation."<sup>17</sup>

Die verlies van hierdie Engelse roos onder die (manlike) dorings – op hierdie stadium weer die enigste dame op die personeel, na die bedanking van mev MM van der Merwe (née Radloff) aan die einde van 1931 – is wyd gevoel. Op hulle beurt het studente "met leedwese" van hul Engelse professor afskeid geneem en hoe waardering betuig vir "haar gewaardeerde leiding en werk".<sup>18</sup>

Hoe onvervangbaar uitblinkerakademici soos Boshoff en Norenus ook al wil voorkom, gebeur dit meermale dat so 'n persoon se plek tog wel op waarde manier

gevul word. Ook in hierdie gevalle was dit so. **Gerrit Dekker**, wat sy MA-graad deur die Universiteit van Suid-Afrika verwerf het en sedert 1925 as senior lektor aan die PUK verbonde was, het in 1930 skuifelend in Boshoff se skoene aangetree terwyl 'n uitstekend gekwalificeerde **Rocco Martin Titlestad** van die Universiteit van Pretoria weggelok is om Norenus se leemte te vul.

Interessant is dat, vir die vulling van Dekker se pos, die betrokke kommissie ook in verbinding was met die latere baie bekende taalmanne J du P Scholtz en LW Hiemstra, maar nie een van hulle was bereid om 'n senior lektoraat te aanvaar nie.<sup>19</sup> FJ Labuschagne, hoof van die goewermentskool te Schweizer Reneke, het hom wel die pos laat welgeval en sy skrede na Potchefstroom gewend.<sup>20</sup>

Tydens bespreking oor die vakature deur Norenus gelaat, het die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte dit duidelik gestel dat sowel dames as here aansoek kon doen, maar "dat voorkeur egter gegee sal word aan 'n man in geval 'n gesikte persoon beskikbaar is".<sup>21</sup> Vir Norenus se pos was daar altesaam 11 aansoeke, waaronder vier dames – insluitende mej EMR Mackenzie wat vir twee en 'n half jaar Norenus se skoene volgestaan het. Mackenzie was inderdaad 'n sterk kandidaat, maar die kommissie het haar slegs 'n tweede plek gegee, ná Titlestad. En by die aanbeveling, wat met meerderheid stemme aanvaar is, is sterk nadruk gelê "op die wenslikheid dat 'n man benoem word". Die verslane teenvoorstel van proff JC Coetze en DJ van Rooy wou dat slegs Titlestad aanbeveel word.<sup>22</sup>

**Prof Titlestad** se indrukwekkende CV, ondersteun deur ewe indrukwekkende getuigskrifte,<sup>23</sup> het ongetwyfeld die deurslag gegee in sy benoeming. Hierdie aanstelling het besliste belofte ingehou en uiteindelik luister verleen aan 'n departement waarin die standarde pas tevore in disput was.

Van dr DF Malan se laaste goede dade as minister van Onderwys, vir sover dit die PUK aangaan, was toestemming tot bevordering van deurwinterde leerkragte soos LJ du Plessis, GTS Eiselen en JP van der Merwe tot professore vanaf 1933. Hoog tyd ook, want die versoek tot bevordering van die drie staatmakerdosente dateer sover terug as 24 September 1929.<sup>24</sup>

**LJ du Plessis** was reeds vanaf 1919 aan die PUK verbonde. Hy het aanvanklik Grieks gedoseer, toe vir tien jaar Staatsleer, vir ses jaar Etiëk en Rekeningskunde, vir twee jaar Jurisprudensie en vir een jaar Romeinse Reg en Romeins-Hollandse Reg.



**GTS Eiselen** se verbintenis met die PUK het 'n jaar na dié van du Plessis begin en hy het vir 13 jaar Dierkunde en vir vyf jaar Biologie aangebied.

**JP van der Merwe** het in 1925 diens aanvaar. Die daaropvolgende agt jaar het hy as dosent in Ekonomiese en Ekonomiese geskiedenis opgetree, terwyl hy ook gehelp het met die MA-gedeelte van Geskiedenis.

As uitvloei van 'n nuwe benadering as gevolg van die ondersoek van die Adamson-kommissie het daar vanaf 1934 groter stabiliteit ten opsigte van

personeelvoorsiening gekom. Vir 1934 is altesaam vier "hulpkratte" in verskeie vakke benoem en is die departement Aardkunde en Aardrykskunde vanaf 1935 gevestig.<sup>25</sup>

In Februarie 1935 is **prof JA du Plessis**, een van die veteraanakademici aan die PUK en eerste voorsitter van die Raad van die destydse universiteitskollege, oorlede. Du Plessis was aanvanklik as assistent vir enkele jare en toe vanaf 1898 tot in 1903 as professor werkzaam in die destydse literariese departement te Burgersdorp.<sup>26</sup> Sy plek, aan die Teologiese Skool



3.2.5

*Prof RM Titlestad – sy indrukwekkende CV en goeie getuigskrifte gee deurslag.*



3.2.6

*Mej EMR Mackenzie, sterk aanspraakmaker op Norenius se pos.*



3.2.7

*Dié drie dosente het in 1934 welverdiende bevordering tot professore gekry. Van links na regs: GTS Eiselen, DJ ("Rooibees") du Plessis en JP van der Merwe.*



### 3.2 Konsolidasie

sowel as aan die PUK, sou weldra ingeneem word deur Stephanus du Toit, 'n seun van prof JD du Toit (Totius).<sup>27</sup>

Oorkant Meyerstaat het daar ook 'n personelewisseling plaasgevind en het prof PJ van der Merwe as nuwe rektor van die Normaal Kollege sy stoel as hoogleraar in Opvoedkunde aan die PUK ingeneem. Sy voorganger, prof JS van Heerden, wat vanaf die vroeë twintigerjare aan die hoof van Normaal se sake gestaan het en in hierdie hoedanigheid ten nouste betrokke was by die PUK se aandeel in die opleiding van onderwysers, is na Normaal Kollege Pretoria "getransfereer".<sup>28</sup>

Ook noemenswaardig vir sover dit die personeelkorps aan die PUK in hierdie tyd raak, was die bevordering van die energieke Antonius Petrus Goossens tot professor in Plantkunde en Biologie. Goossens het spoedig die kollig op hom laat val deurdat hy, op grond van wetenskaplike navorsingswerk, as "Fellow of the Royal Society of South Africa" toegelaat is.<sup>29</sup>


Goossens het natuurlik die "reputasie" dat hy "deurgeclip" het, vir soverre dit die PUK se strewe na die handhawing van sy Christelike karakter betref. Omdat daar weens 'n oorsig nie 'n sodanige opdrag aan die fakulteit was nie, is daar nie voor sy aanstelling met hom 'n onderhou oor sy lewens- en wêreldebekouing gevoer nie.<sup>30</sup> Goossens sou diep spore trap in die geskiedenis van die universiteit en het ook as rugby-administrateur in Wes-Transvaal groot naam gemaak.

Dat dit teen 1937 klopdiesselboom begin gaan het met die PUK, blyk uit die feit dat in die jaar nie minder nie as agt nuwe personeellede aangestel kon word, al was dit weliswaar net vanaf die vlak van assistent tot senior lektor. Een van die nuwelinge wie se naam vorentoe meermale in die annale van die PUK aangetref sou word was die jong DW Krüger. Krüger (bygenaamd "Daantjie Donder") se toetreding tot die PUK-personeel het geskied nadat KD Venter, wat as assistent diens gedoen het, nie 'n aanstelling as senior lektor opgevolg het nie.<sup>31</sup> Een van die ander kandidate vir die Geskiedenispos was die later bekende GD Scholtz, wat baie begerig was om die pos te kry. (**kyk insetsel**).



3.2.8

AP Goossens



3.2.9

GD Scholtz.

*Reeds in Februarie 1937, pas terug in Suid-Afrika nadat hy in Amsterdam gepromoveer het, doen Scholtz navraag oor 'n moontlike betrekking: "Ek hoop u sal dit nie as verwaand van my beskou nie, maar ek voel werklikwaar 'n roeping om ook iets vir die Afrikaanse volk te doen deur historiese werke te skryf ... Daarom sal dit my 'n besonder groot genoeë wees om op een of ander eg Afrikaanse inrigting te kom ... Ek gevoel my baie aangetrokke tot die werk van dosent en ek is daar verseker van dat my talente meestal in die rigting lê". In Mei doen hy weer navraag, want hy kan elders ook 'n betrekking kry (PUK-Argief, Registratur: Personeel S/-, GD Scholtz/ Reg. 25.2.1937 en 17.5.1937). In Oktober 1937 het Scholtz lid geword van die redaksie van die nuwe dagblad, Die Transvaler, met dr HF Verwoerd as redakteur. Etwalde dekades later sou hy wel verbintenis met die PUK kry, as ereprofessor in Internasionale Politiek.*

Die jaar 1938 was, vanweë die herdenking van die Groot Trek 'n eeu tevore, nie net in breë volksverband 'n jaar van groot historiese betekenis nie, maar ook op die PUK-kampus is daar geskiedenis gemaak toe die energieke nuwe dosent die eerste student word wat sy doktorsgraad aan die universiteitskollege behaal. Die



Senaat het “met akklamasie” hiervan kennis geneem terwyl promotor AJH van der Walt nog verder met sy student kon spog: sy proefskrif is aanvaar vir publikasie in die heel eerste uitgawe van die nuwe Argiefjaarboekreeks.<sup>32</sup>

Krüger het sy akademiese opleiding aan die PUK aangevul met verdere studie aan die Universiteit van Kaapstad en dié van Berlyn in Duitsland, asook met uitgebreide argiefstudie oorsee en ‘n loopbaan van sewe jaar as argivaris in die staatsargief te Pretoria.

### 3.2.3 Navorsing

Met die aanvang van die dekade dertig was die PUK nie juis bekend vir sy navorsingsuitsette oor die breë terrein van die wetenskap nie. Ontstoke van selfs die noodsaklikste fasilitete vir die veel belangriker taak van opleiding, en buitendien relatief geïsoleerd en afgesondert vir sover dit fasilitete en geleenthede vir navorsing betrek, kon daar seker ook nie juis veel meer verwag word nie. Dit is opmerklik dat selfs die Van der Horst-verslag van 1928 die klem hoofsaaklik op die opleidingstaak van die betrokke inrigtings laat val en weinig te sê gehad het oor navorsing as newetaak van dosente.

Die jaarlikse rapporte van die rektor, namens die Senaat en gerig aan die adres van die Raad, gee slegs gedeeltelik en vir ‘n beperkte aantal jare (1930 tot 1933) ‘n beeld van wat op navorsingsgebied by die PUK gebeur het. In die notules van Raad, Senaat en verskillende komitees en fakulteite van die jare dertig is ook geen aanduidings gevind dat daar van bo af enige aansporing of druk was dat personeel meer aandag aan navorsing moes bestee nie.

Die opgawes van publikasies vir die tydperk 1930 tot 1933 toon dat die volgende dosente in die onderskeie jare aktief was:

- 1930: Proff F Postma, JC Coetzee, JC van Rooy, drr G Dekker, HG Schulze, AJH van der Walt, JP van der Merwe en mnr LJ du Plessis.
- 1931: Prof JC Coetzee, drr HG Stoker en G Dekker, mnr LJ du Plessis.
- 1932: Prof JC Coetzee, drr G Dekker en HG Stoker en mnr AP Goossens.
- 1933: Prof JC Coetzee en drr G Dekker en HG Stoker.

Veral prof J Chr Coetzee het met lang lyste publikasies beïndruk terwyl drr Dekker en Stoker en in ‘n mindere mate mnr LJ du Plessis ook redelik aktief was.

Enkele dosente het hul skredes na die buiteland gewend, om hulle aldaar verder te bekwaam of te verryk in die grondslae en verworwe kennis rondom hul onderskeie dissiplines. HG Stoker se oorsese besoek is reeds hierbo behandel. Vroeg in 1930 het prof van Wageningen uit Amsterdam teruggekeer waar hy, met ‘n ruim beurs van die Universiteit van Suid-Afrika, aan die Universiteit van Amsterdam navorsing in verband met lig teorieë gedoen het.<sup>33</sup>


Mej Norenus het vanaf die begin van 1929 tot middel 1931 in Londen verder studeer en haar doktorsgraad aan die Universiteit van Londen verwerf. Daar is geglo en gehoop dat “die meervoudige bekwaamheid” wat sy hierdeur bekom het, die PUK “seer ten goede” sou kom. Terwyl Norenus nog met studieverlof oorsee was, het haar plaasvervanger, mej EMR Mackenzie die Victoria-beurs van die Universiteit van Suid-Afrika verwerf, vir verdere opleiding in die Engelse taal en letterkunde.<sup>34</sup>

In hierdie tyd was die norme en standarde vir bevordering nog nie so hoog nie en kon dosente die hoogste sport, naamlik ‘n professoraat, bereik sonder om ‘n doktorsgraad te hê. Gedurende die eerste semester van 1935 het prof DJ van Rooy, wat reeds in 1926 bevorder is, sy doktorale studies met groot sukses in Nederland afgehandel en die volgende opmerking van rektor Postma ontlok: “Die studieverlof van die Professor is inspirerend vir staflede en studente.” Dierkundeprofessor GTS Eiselen, wat sy leerstoel in 1933 betree het, het op sy beurt in 1938 met studieverlof na Duitsland vertrek, om sy doktorale studie te voltooi.<sup>35</sup>

### 3.2.4 HG Stoker: bouer aan Christelike wetenskap

Die dertigerjare is ook die tyd toe ‘n man soos **HG Stoker** sy kleims op akademiese grootheid stewig en sekuur begin afsteek het. Hy is aan die begin van 1930 tot professor in Logika en Sielkunde bevorder, en het later dieselfde jaar vir verdere studie na Nederland en Engeland vertrek. Daar ontvang hy ‘n “vererende uitnodiging” om in September/Oktober 1930 voor die Internasionale Filosofiese Vereniging te Oxford op te tree. Ook die PUK is hierdeur vereer, noteer Postma.<sup>36</sup>

Terwyl hy oorsee was, is Stoker ook deur die PUK-Senaat afgevaardig om die Universiteit tydens die halfeeu fees van die Vrije Universiteit van Amsterdam te verteenwoordig. Hy het ook namens die Teologiese Skool en die interuniversitaire Bond van Calvinistiese Studente (die latere Federasie van Calvinistiese Studenteverenigings) goeie wense oorgedra en by sy terugkeer is hy bedank “dat hy in die algemeen in



3.2.10

**HG Stoker as student in Duitsland, 1926**

belang van die P.U.K. in die buitenland opgetree het".<sup>37</sup>

Stoker het reeds in die laat twintigerjare sy merk begin maak met navorsing, wat onder anderneerslag gevind het in drie boeke (een in Duits) en etlike artikels in wetenskaplike en ander tydskrifte.<sup>38</sup> Terug in Suid-Afrika is Stoker een van slegs 'n paar akademici uit wie se pen daar voortaan gereeld wetenskaplike bydraes die lig sien en hy bou 'n indrukwekkende publikasielyst op. Hy skryf nie net boeke nie, maar publiseer in wetenskaplike sowel as populêre tydskrifte soos byvoorbeeld *Die Huisgenoot*, wat destyds en vir baie jare daarna nie geskroom het om vakkundige data aan sy lesers oor te dra nie. As vakman en wetenskaplike met kennis oor 'n wye spektrum, sou hy ook boekbesprekings hanteer (vergelyk PUK-jaarboeke 1930-1934) en het hy onder meer toegesien dat wetenskaplike bydraes in Hollandse tydskrifte geresenseer word.<sup>39</sup>

Stoker het hom vroeg reeds uitgewys as een van die voorste bouers aan die Christelike wetenskap, waarvan sy universiteit die draer moes wees in 'n redelik onvriendelike omgewing. Bewus van eie swakhede en tekortkominge, het hy egter nie gehuiwer om sy lig na buite te laat skyn nie. Reeds in 1928 verskyn daar uit sy pen 'n reeks van twee artikels oor "Die opbou van

'n Calvinistiese wêreldbeskouing". Hy bring hulde aan Nederlandse professore Abraham Kuyper en Herman Bavinck wat die grondleggingswerk, die voorlopige oriëntering gedoen en die terrein van die "Calvinistiese goudmyne" afgebaken het. Die ontginning van hierdie goudmyne is aan hulle volgelinge oorgelaat en jonger filosowe van die VU, soos proff Vollenhoven en Dooyeweerd, het dié taak op hulle geneem. Dit is egter 'n te groot taak vir enkelinge en "samewerking is nodig van soveel kragte as wat die Calvinistiese geestesrigting in ons tyd en in toekomstige tye vir hierdie arbeid enigsins sou kon bied".<sup>40</sup>

In 1930 trek Stoker internasionaal aandag toe werke van hom deur prof FW Grosheide van die Vrije Universiteit van Amsterdam geresenseer word. Hy bedank die geleerde professor vir sy "welwillende besprekking" en sê dat kritiek altyd welkom is, "veral as dit in liefde en simpatie en opbouend gegee word". En dan is dit asof hy 'n "beleidsverklaring" aflê: "Ons hier in Potchefstroom streef na dieselfde ideale as U aan die V.U. – al is ons nog by verre nie waar U staan en waar ons wil wees nie – en al is die juridiese posiesie van die P.U.K. nog nie so suiwer as by U. Ons stryd is opdraend en besonder moeilik, ons teenstaanders sterk, groot in getal en bitsig. Noch enkele sware



### 3.2.11

#### ***Prof FW Grosheide ... een van HG Stoker se akademiese rolmodelle in die vroeë dertigerjare.***

kriesisse staan ons P.U.K. voor die deur, waarin bewys sal word of dit ons gegun word ons standpunt suiwer te behou. Ons vertrou hierin op die bestiering van God. In ons stryd vir 'n gesonde en gesuiwerde bestaan van die P.U.K. is sulke simpatieke besprekings as die van U aanmoedigend en versterkend."

Op sy komende besoek aan Europa hoop hy om besoek by prof Grosheide af te lê "want ek sou u besonder graag wil ontmoet", skryf die jong, entoesiastiese en ontwikkelende wysgeer.<sup>41</sup> Op daardie stadium was Stoker nog nie daarvan bewus dat hy binnekort as afgevaardigde van sy eie universiteit tydens die halfeeufeesviering van die VU vir Grosheide as een van sy akademiese rolmodelle in lewende lywe sou ontmoet en stewige vakkundige bande met hom as mede-Calvinis sou sluit nie. Toe Grosheide in 1933 om medewerking aan die publikasie *Koers in die Krisis* (bespreking net hierna) genader word, was dit "omrede U belangstelling met ons land en volk, met die Calvinisme in die algemeen en met U universele belangstelling en kontak, soos uit De Heraut blyk".<sup>42</sup>

Weer tuis en in die tuig, en verryk deur sy oorsese besoek, word Stoker in 1932 deur die Calvinistiese Studente Bond (CSB) van Stellenbosch uitgenooi om lesings oor die grondbeginsels van 'n Calvinistiese wysbegeerte in die eikestad aan te bied. Hy sien dit in hierdie lig: "As ek 'n steentjie kan bydra om die saak van die Calvinisme te bevorder – al is dit alleen ook maar om die getalle misverstand te verminder en sodoende 'n beter waardering by nie-Calviniste te wek – sal ek my moeite hoogs beloon voel."

Maar Stoker het 'n plan van aksie, 'n strategie waarvolgens hy sy oogmerke wil bereik: "Persoonlik

is ek oortuig dat vir ons tweéerlei nodig is: isolément, om ons self in ons taak te vind en te versterk, en: stryd ... op wetenskaplike terrein aanval en verdediging in diskussie met andersdenkendes – want ook dit bou." Op Potchefstroom is daar "onderling kontak met gelykdenkendes en wedersydse bevragting van gedagtes en kritiek tot opbou van 'n gemeenskaplike wereldbeskouing". Na buite vind daar elke drie maande 'n wysgerige simposium met andersdenkendes – wysgere van Pretoria, Johannesburg, Potchefstroom en soms ook Bloemfontein – plaas. Die bedoeling is nie om teenstaanders te oortuig nie, maar om misverstande oor beskouinge sover moontlik uit die weg te ruim "en ons self [te] skerp in kritiek en verdediging". In die lig van die voorgaande sal hy graag, as hy in Stellenbosch kom, kontak met kollegas wil maak en moontlik selfs so 'n simposium "met hulle saam wil geniet". Hy skakel in hierdie verband met proff Wilcocks en Brummer.<sup>43</sup>

Die CSB-uitnodiging, met oud-PUK student PW Vorster (sekretaris) as groot dryfkrag, het 'n bal aan die rol gesit. 'n Maand later het hy ook 'n uitnoding ontvang om die Filosofiese Vereniging van die Universiteit van Kaapstad toe te spreek terwyl rektor Wilcocks van die Maties hom wel vir 'n simposium aan sy universiteit nader getrek het. Die moontlikheid dat sy reis sou ontwikkel tot 'n "Calvinistiese week" daar onder in die Boland was nie uitgesluit nie. Indien wel, laat weet Stoker, moet daar dalk meer sprekers optree. Die beskeie geleerde "sien met verlange uit na die leersame ervaringe wat hierdie reis my sal bied". Hy maan dat kwalitatief nie te veel verwag moet word nie en onderneem dat hy sy besal doen "en D.V. 'n deeltjie miskien bydra om misverstande van andersdenkendes oor ons beskouing te verminder, en in kontak met gelykdenkendes mekaar op te bou".<sup>44</sup>

Verwysende na "Geloof en Wetenskap", bely hy dat sy eie publikasies nog nie op peil is nie en doen hy 'n evaluering: "Ons tas in ons soeke na die eenheid van Bybelgeloof en Wetenskap nog gedeeltelik in die duister rond, omdat 'n 'Kristelike Wetenskapsgebou' nog gebou moet word. Ons kan wel enkele prinsipiële grondslae lê; maar die optrek van die gebou moet ons aan die toekoms oorlaat. Dit is, pragmadies beskou, ons swak. As die gebou daar was, dan was sulke pleidooie nie nodig nie ... Vir ons, as Bybel-gelowiges, egter moet ons 'n uitweg, hoe virlopig ook al, uit die dilemma soek: óf Bybel, óf Neutrale- en oorwegend evolusionistiese Wetenskap, en ons oplossing moet wees: én Bybel én Wetenskap, in onderlinge aanvulling en eenheid. Ons kragte is egter so min, ons groepie oor die hele wereld so klein, die jaarlikse publikasies op wetenskaplike gebied in ons rigting so gering."<sup>45</sup> Na aanleiding van Vorster se mededeling oor die uitwerking wat sy besoek in 1932 gehad het, betuig Stoker sy dankbaarheid "dat my besoek aan julle bygedra het om die geeste 'n bietjie te skok". Hy moedig Vorster en sy mededele aan in



hulle stryd op die Matie-kampus en sê dat dit juis hulle stryd is wat die skokke blywend maak.<sup>46</sup>

Dat dit maar vir PW Vorster en sy geesgenote 'n opdraende stryd was om 'n Calvinistiese vereniging in Matieland te bedryf, blyk uit die feit dat hul vereniging nie eens in die annale van hierdie universiteit (PS du Toit en ander se werk, *Stellenbosch 1866-1966*) genoem word nie.

In 1933 was dit weer so en voel Stoker "oorbluf" en "gevleid" dat hy weer genooi word. Maar hy skram weg, wil homself nie op die voorgrond dring nie en gee die name van 'n paar kollegas deur: prof DJ van Rooy (matematikus) oor die verhouding van wetenskap en wysbegeerte en geloof; prof JC van Rooy (godsdiensfilosoof), oor wysbegeerte en teologie en prof LJ du Plessis (staatkundige) oor Kalvinisme en sedeleer, staatsleer, regswetenskappe, ens. Almal is so algemeen onderlê dat hulle die meeste vrae op verskillende terreine sal kan beantwoord. Buitendien, hy glo sterk in stimulering want "persoonlike verskille van weergawe, behandeling, aksentlegging ens. is altyd verruimend en verdiepend vir ons eie insigte".

Maar as dit nie anders kan nie, "sal ek seker kom en doen wat ek kan". Daar moet nie veel nuuts van hom verwag word nie, want hy is toegegooi onder die werk. Hy stel tog voor die tema "Beginsels van die Wetenskap", na aanleiding van 'n Wits-publikasie "Our Changing Worldview" en ook "omdat dit vir julle 'n aktuele probleem skyn te wees".<sup>47</sup>

Op die ou einde was dit toe maar weer Stoker wat einde Augustus 1933 opgetree het voor die CSB ("Meerdelei Wetenskap") maar ook voor die Wysgerige Vereniging ("Wysgerige grondslae van die empiriese Sielkunde") en voor die Teologiese studente ("Iets oor Evolusie"). Van Stoker se brosjures is intussen ook te Stellenbosch versprei, waaroor hy baie verheug was. Hy het Vorster aangemoedig om te kritiseer en ook om die kritiek van die professore van die Teologiese Seminaar of universiteit deur te gee. En weer het hy 'n lansie gebreek vir 'n kollega, hierdie keer prof JD du Toit, as gasspreker (tydens Totius se besoek aan Stellenbosch vir die Bybelfees aldaar): "Hy is 'n skaam en nederige geleerde – maar as jy hom in hande kry, kry jy pitkos!" Hy verseker Vorster dat hulle "baie geestelike voordeel" uit so 'n ontmoeting sou trek "en julle sal hom 'n eer bewys, wat hom toekom".<sup>48</sup>


Intussen het Stoker, met gebruikmaking van *Die Wagtoring*, in Mei 1931 die bestaansreg van Christelike wetenskap verdedig in 'n artikel getiteld "Uniwersele en wisselende beginsels in die wetenskap", terwyl hy in 1932-1933 ook die aandag gevëstig het op "Die nuwere Wysbegeerte aan die Vrije Universiteit".<sup>49</sup>

In sy pogings om die Calvinistiese wetenskap beslag in Suid-Afrika te gee, is Stoker ywerig bygestaan deur LJ du Plessis, wat "Die stryd tussen Humanisme en Kalvinisme in Suid-Afrika" oftewel " 'n Historiese skets van die Maatskaplik-Staatkundige ontwikkeling van die Kalvinisme in Suid-Afrika" aan lesers van die Calvinistiese mondstuks uitgespel het.<sup>50</sup>

In sy ywerige pogings ter uitbouing van die Christelike wetenskap het Stoker 'n heftige opponent gevind in die omstrede Stellenbosse teoloog, prof J du Plessis, wat in die vroeë dertigerjare weens beweerde dwaalleer deur die Kaapse sinode van die NG Kerk geskors is, maar hierna, in Desember 1931, sy skorsing in 'n burgerlike gereghof opgehef gekry het.<sup>51</sup> Du Plessis was vanaf 1924 besig met wat beskryf is as 'n "totale aanslag" teen die Gereformeerde Kerk<sup>52</sup> en die feit dat prof JD du Toit as 'n hoofgetuie oor die leerstellings van die kerk namens die NG Kerk in die hofsaak teen hom getuig het, het verder tot venyn teen hierdie kerk en ook die PUK bygedra. "Waarom dan nie 'n predikant van die Ned. Geref. Kerk nie?", vra die biograaf van FS Malan: "Dit het gelyk asof die kuratore van die Kweekskool hulle vereenselwig het met die beskouings van die afgestigte Kerk."<sup>53</sup>

Hoewel van NG-kant hard gepoog is om te verseker dat Du Toit in sy getuienis nie op die gronde vir laasgenoemde se kerk se afskeiding beweeg nie, kon dit nie heeltemal vermy word nie en het "die bewering" van du Toit dat dit oor kerkleer gegaan het, tot kwaai kritiek in die orgaan van die NG-Kerk geleei, is volhard met die teenbewering dat dit bloot net om die sing van gesange gegaan het. Stelling-innames hieroor deur prof JA du Plessis in die Gereformeerde blad het tot verdere beskuldigings oor en weer geleei. Die voelbare wedersydse irritasie in kerklike kringe sou onvermydelik maar nie noodwendig bo die oppervlak nie ook op die PUK reflekter, vanweë die vernaamste woordvoerders (die twee du Plessis's en du Toit) se akademiese konnotasies.<sup>54</sup>

In 1929, terwyl die kerksaak teen hom aan die gang was, het daar 'n petitie ten gunste van prof du Plessis in Potchefstroom gesirkuleer en is dit ook deur PUK personeel onderteken – deur hoeveel, en deur wie, kon nie vasgestel word nie. Die Raad van die kollege het hom egter van hierdie saak gedistansieer.<sup>55</sup> Vier jaar later, en nadat die hof die klag teen du Plessis afgewys het, onderneem die omstrede professor 'n toer na die Noorde en doen hy, op uitnodiging van die plaaslike NG-predikant dr Meiring, ook op Potchefstroom aan Soos reeds gesien, was Meiring nie juis 'n vriend van die PUK nie. Die wysgerig-filosofiese sieninge van prof du Plessis het natuurlik sterk op Stoker se terrein gevall en gevolglik het Stoker met kritisye belangstelling uitgesien na hierdie rede wat hy vroeg in Mei 1933 op Potchefstroom gehou het, oor "Geloof en Rede".<sup>56</sup>



### 3.2.12

**Prof Johannes du Plessis.** Hierdie omstrede teoloog van Stellenbosch het ook op Potchefstroom die tonge los en die penne aan die kras gehad.

Tydens die naspel van die du Plessis-saak, toe op NG-sinodevlak gehandel moes word oor regstellende aksie, het Stoker die verwagting uitgespreek “dat die Sinode net so beslis die humanisme, rasionalisme en naturalisme van du Pl. sal veroordeel as enkele jare gelede, en ook volgens hierdie oortuiging dat du Pl. nie die formulier v.d. kerk kan onderteken nie”.<sup>57</sup>

Dat die Du Plessis-“spook” sterk geloop het op Potchefstroom, blyk uit die vermelding deur Stoker van die “goeie vrugte” van sy optrede te Stellenbosch in 1932, naamlik dat die lokale Normaal Kollege, “oorwegend Du Plessis-gesind en liberaal”, hom twee keer genooi het vir lesings.<sup>58</sup>

In Junie 1933 het die omstrede Stellenbosse professor in die tydskrif *Critic*, ook skerp uitgevaar teen die Christelike wetenskapsbeoefening van die Potchefstromers. Hy bestempel hulle opvatting van ‘n universiteit as ‘n teenstrydigheid en verdedig die neutrale universiteit met die definisie: “A university is bound, by its very name and its constitution to be universal in its outlook, its teaching and its hospitality to men of all tongues, schools and creeds. Unless it answers to this character it is no longer a university but a sectarian institution.” Oor die PUK is sy uitspraak verdoemend: “The Potchefstroom College is merely a theological seminary in the guise of an university college ... A ‘Christian’ university hampers the freedom of scientific research and discussion ... the scientist is not free to interrogate Nature alone; he must confirm to ‘Dopper’ doctrine.”<sup>59</sup>

Stoker het dit “merkwaardig” genoem dat du Plessis die Calvinisme so misverstaan en sy rede bestempel as “‘n Mis-interpretasie van ons standpunt van die begin tot die end – en ‘n kritiek op sy eie misinterpretasie!” Hy het hom, sonder “persoonlikheidjies”, per brief geantwoord, hom reguit maar “in vriendskaplike toon” vertel wat hy van die artikel en veral van sy metode van aanval dink. Met die versugting teenoor Vorster: “Hoop die ousbaas word nie kwaad nie.”<sup>60</sup>

Die agtergrond tot hierdie woordewisseling tussen die jong Stoker en die uitgesproke, polemiese teologiese professor word later deur Stoker só geskets: “Dit was deel van ‘n diskussie wat begin het met ondergetekende se artikel in *Die Huisgenoot, Maart en April 1932* oor ‘Die Wese van die Calvinisme’, ‘Calvinisme en Wetenskap’ en ‘Calvinisme en Universiteitswese’. Prof. dr. A.H. Reyburn van Kaapstad het in *The Critic Sept. 1932* daarop gereageer met ‘The Christian College’, waarop ondergetekende geantwoord het in *The Critic, March 1933*, met ‘The Neutral and the Particular University’, wat weer aanleiding was vir die betoog van prof dr J. du Plessis hierbo genoem en waarop ondergetekende weer geantwoord het in *The Critic, Dec. 1933*, met ‘A Self-contradictory University’.”

Dat Stoker nie bang was vir kritiek nie maar dit feitlik uitgenooi het, blyk uit die feit dat hy van sy brosjures aan prof dr Plessis gestuur het vir resensie.<sup>61</sup>

Stoker het ‘n groot rol gespeel in die totstandkoming van die Federasie van Calvinistiese Studente Verenigings



### 3.2.13

**PW Vorster** was op Stellenbosch baie aktief in die Calvinistiese verenigingslewe. Hy was in sy latere lewe ‘n kanselier van die PUK.



(FCSV) – ‘n samevoeging van eweknie-organisasies aan die verskillende universiteite en kolleges – onder wie se breë sambrel sy uitwaartse bevordering van die Calvinistiese gedagte in hierdie tyd plaas gevind het. Met Korps Veritas Vincet (1894 te Burgersdorp gestig) as inspirasie, en tydens ‘n besoek van PUK-student PGW Snyman, het daar in April 1930 ‘n Calvinistiese Studente Bond (CSB) aan die Universiteit van Stellenbosch sy beslag gekry. Soortgelyke pogings te Pretoria en Bloemfontein was sonder sukses. Later dié jaar, tydens ‘n kongres van die Calvinistiese Bond in Bloemfontein, het Korps en CSB besluit om op grondslag van die Calvinistiese Bond ‘n eie bond te vorm, maar dié voorneme kon eers aan die begin van 1933 ten uitvoer gebring word. Na ‘n besoek van twee Stellenbosch-afgevaardigdes aan Potchefstroom in Junie 1933, mnre N de Lange en Reynecke, is besluit “om op 27 Augustus gebore te word”.<sup>62</sup>

Dit was juis na hierdie Junie-samesprekings dat Stoker só aan Vorster gerapporteer het oor Stellenbosch se twee afgevaardigdes: “Die entoesiasme van die besoekers vir die Calvinisme en ons gemeenskaplike saak asook hul liefde en waardering vir die werk aan die P.U.K. gedoen, word hier baie hoog op prys gestel. Hul besoek beteken baie – nie alleen vir nouere kontak van gelykgesindes in St.bosch en hier, maar ook later vir kerklike samewerking, wat so hoog nodig is.”

En, van waardering gepraat, voeg Stoker so byna terloops maar tog veelbetekenend by: “Vriend, julle waarderinge doen ‘n mens goed – hier in P.C.Stroom kry ‘n mens hulle nie of per hoë uitsondering.”<sup>63</sup>

By die bekendstelling na buite van hierdie nuwe studentevereniging sou maar weer te doen gekry word met die ou-ou probleem van kerkisme. PUK se Korps-voorsitter JL Vorster was besig om ‘n artikel vir Gereformeerde Vaandel op te stel, maar was bang vir eensydige voorstelling vanuit die eie oogpunt: “Dan kan dit as gevolg het dat die Potchefstroomse stempel weer daarop sit en dan is dit by voorbaat verdoem as ‘n dopperbeweging, kerkisties en al daardie soort van beskuldiginge kan dan dalk weer daarteen ingebring word. Die beste sal wees dat Potchefstroom hierin nie so op die voorgrond kom nie.” Hy gee dus kortlik die agtergrond en vra gevvolglik die goeie vriend om die artikel op hom te neem. Hy kan dalk net melding maak van prof Stoker se gewaardeerde hulp.<sup>64</sup>

Stoker se rol in die bevordering van Calvinisme internasionaal op studentvlak moet nog te boek gestel word. Dit is wel bekend dat daar reeds in 1926 vanuit Nederland met hom, as “Hooggeleerde Heer” en “Prof. Dr.” – vier jaar voordat hy sy professoraat verwerf het! – in hierdie verband geskakel is en wel na aanleiding van advies wat van dr SO Los, eertydse Potchefstroomse hooleeraar nou in Den

Haag, ontvang is oor “Professoren in Zuid-Afrika, die in Holland gestudeerd hadden en van wie Dr. Los vermoedde, dat zij wel genegen zouden zijn, ons te steunen bij het aanknopen van connecties ook met Zuid-Afrikaansche Studenten van onze richting”.

Daar word reeds geruime tyd die behoeftre gevoel om kontak te maak met buitelandse organisasies “van onze richting en die welken leden bovendien nog van Hollandschen origine waren”, skryf H van den Brink in Januarie 1926 aan Stoker. As eerste stap in die rigting word aanbeveel die uitruil van studenteblaaie, die weergee van inligting vanuit sodanige blaaie en ook dielewering van bydraes in mekaar se mondstrukke. Dit kan groot nut hê, skryf Van den Brink: “Men gaat zich bewust worden, dat er buiten den kring waarin men veelal zelfvoldaan en zelfgenoegzaam voortleeft, nog andere kringen zijn, waar men in veel gevallen voor dezelfde kwesties en vragen geplaatst is.” Namate studente mekaar in die hede “gezond cosmopolitisch opvoeden en van elkanders leven en werken kennis namen”, dermate kan die steeds groter wordende behoeftre aan samewerking tussen die Gereformeerde kerke (in die sin van “aanhangars van een Calvinistische levens- en wereldbeschouwing”) in die verskillende lande bevorder word. Die reis van prof HH Kuyper na Suid-Afrika (in 1924) is onder andere getuienis van hierdie strewe.<sup>65</sup>

Volgens ‘n nota deur hom op van den Brink se brief aangebring, het Stoker skynbaar vroeg in Mei 1926 op hierdie brief gereageer deur verdere informasie aan te vra. Hierna loop die spore van Stoker se betrokkenheid dood en lyk dit asof die pogings tot nouer internasionale studenteskakeling nie juis van die grond kon kom nie. Na aanleiding van verdere pogings van die kant van van den Brink om ‘n internasionale Calvinistiese federasie tot stand te bring, het Korps in 1929 met ander universiteite geskakel maar geen reaksie ontlok nie.<sup>66</sup> Stoker het, soos reeds gesien, wel in 1930 tydens die halfeuefeesvieringe van die Vrije Universiteit die groete van die latente bond van Calvinistiese studente oorgedra.

Die behoeftre aan internasionale skakeling het egter bly staan en Korps se JL Vorster het versoek dat die uitgawe van Gereformeerde Vaandel, waarin die beplande artikel oor die FCSV sou verskyn, aan JP van der Kam van Den Haag te stuur. Van der Kam het einde 1932 van den Brink se rol in die kommissie vir internasionale sake van die Calvinistiese Studente-beweging oorgeneem en het in verband met nouer skakeling in hierdie tyd met die Potchefstromers in verbinding getree. Ook is Korps sowel as Stellenbosch se Calvinistiese Studente-Bond uitgenooi na ‘n internasionale kongres te Lunteren uitgenooi.<sup>67</sup>



### 3.2.5 Koers en Koers in die Krisis

In Augustus 1933 maak Koers as tweemaandelikse tydskrif sy verskynning, as opvolger van Die Wagtoring wat onder redaksie gestaan het van prof CJH de Wet. Laasgenoemde het as kwartaalblad grotendeels artikels van theologiese en wysgerige aard bevat.

Koers se missie was dieselfde as dié van Die Wagtoring, naamlik om die beginsels van die Heilige Skrif volgens Calvinistiese interpretasie op die verskillende lewensterreine te propageer, "om in die lig van die beginsels van Gods heilige openbaring, asook in die lig van ons eie Christelike volksverlede, koers aan te gee op die verskillende terreine van ons volkslewe".<sup>68</sup>

By die eerste uitgawe, in Augustus 1933, dien proff J Chr Coetzee, AJH van der Walt, DJ van Rooy en JC van Rooy as redaksie. Met die derde uitgawe, in Desember 1933, tree LJ du Plessis ook toe: 'n formidabele span, inderdaad.



Wewiswaar nie amptelik 'n PUK-onderneming nie, "maar 'n selfstandige tydskrif met 'n eie redaksie, wat ook as direksie opgetree het", en word Koers tog beskou as "vir alle praktiese doeleinades die universiteit se tydskrif".<sup>69</sup> Dit sou ook dit in die toekoms 'n belangrike spreekbuis word vir "wetenskaplike bespreking van alle

vraagstukke van 'n aktuele aard in die volkslewe ... suiwer prinsipieel van Calvinistiese standpunt."<sup>70</sup>

Koers is ook deur die tydskrif vir die bevordering van verhoudinge tussen Suid-Afrika en Nederland, "Zuid-Afrika", welkom geheet en wel as 'n stem uit Potchefstroom (**kyk insetsel**).

In 1935 word Stoker hoog aangeprys deur die rektor vir sy "grootse aandeel" in die samestelling en publikasie van die bundel *Koers in die Krisis*.<sup>71</sup> In 'n slotwoord tot die lywige bundel word Stoker deur die uitgewers gehuldig as "eintlik die vader" van die gedagte aan so 'n Calvinistiese bundel. Die boek was die geestesproduk van en is uitgegee deur die reeds genoemde Federasie van Christelike Studente Verenigings (FCSV), waarin die PUK deur middel van Korps Veritas Vincet baie prominent gefigureer het.<sup>72</sup>

*Koers in die Krisis* was 'n werk wat, volgens dr JD Kestell in die voorwoord, probeer om antwoord te gee op die vraag wat Calvinisme nou eintlik is. Saam met mederedakteur FJM Potgieter skryf Stoker in 'n voorwoord dat die boek saamgestel is deur "Calviniste uit verskillende lande, van verskillende professies, van al drie die Hollandse kerke in ons land" wat oor die grondbeginsels van Calvinisme eenstemmig is; 'n boek "bedoel om 'n panorama te wees en om in hooflyne





### Een stem uit Potchefstroom.

Er zijn vele stemmen in Zuid-Afrika die de moeite van het beluisteren waard zijn. Daaronder zeker een stem uit Potchefstroom, de oude vesting van het calvinisme en republicanisme in Zuid-Afrika. Vroeger verscheen daar *Die Wagtoering* dat de Potchefstroomse inzichten vertolkte. Thans is daarin verandering gekomen.

Is zij toe te schrijven aan de gewijzigde politieke toestanden? En heeft het daarom betekenis dat Potchefstroom de „wagtoering”, van waaruit het alle gebeuren beschouwe en beschreef, heeft verlaten? Wil Potchefstroom nu meer actief optreden en „koers” geven aan het schip van staat? Is daarom de opvolger van *Die Wagtoering*, *Koers* genoemd? Wij weten het niet, doch het zou niet te verwonderen zijn nu het republicanisme zoo onbarmhartig wordt afgewezen door de leiders van beide grote partijen.

*Koers*, het nieuwe tweemaandeliksche tijdschrift, uitgave: „Die Weste”, Potchefstroom, is dus, vooral nu, van belang. De redacteur van het oude blad, professor C. J. H. DE WET, is afgetreden; de redactie van het nieuwe blad bestaat uit J. CHR. COETZEE, A. J. H. VAN DE WALT, D. J. VAN ROOY en J. C. VAN ROOY, allen professoren van het Potchefstroomse Universiteitskollege. Zij willen „die beginsels van die Heilige Skrif volgens die interpretasie van die Calvinisme propageer op die verskillende terreine van die lewe”. *Koers* wordt groter dan *Die Wagtoering* was. Tevens zal bij de keus van de onderwerpen zooveel mogelijk rekening gehouden worden met de vraagstukken van actueel belang, op welk terrein des levens deze vraagstukken ook vallen.

Als gevolg daarvan zien we als een der eerste artikelen:

„Soevereine Onafhankelikheid en Koalisie” door prof. A. J. H. v. d. WALT. Gaarne geven wij eenige gedachten uit dit uiterst bezadigde artikel hier weer.


Hij begint aldus: „Verbysterd — dis 'n woord wat deur baie mense, en veral deur 'n deel van die Afrikaanse pers, dikwels gebruik is in verband met die politieke gebeurtenisse aan die begin van hierdie jaar. En tog, was daar werkelik rede vir hierdie verbystering?”

#### 3.2.14

*Uit: Zuid-Afrika 10(11) Nov 1933 p151*

die universaliteit van die Calvinisme te teken”. Bybeltekste soos “My volk gaan in ballingskap” en “My volk gaan ten gronde ... weens gebrek aan kennis” (Jes 5:13 en Hos 4:6) word van toepassing gemaak op die Afrikanervolk “wat oorweldig word deur onbybelse kultuurstrominge en betower deur vreemde kultuurgoedere ontrou begin te word het aan die geloof van ons voorvaders: die Geus, die Hugenoot, die Voortrekker. Ons volk verkeer in 'n krisis ... veral deur onkunde”.<sup>73</sup>

*Koers in die Krisis* bevat ook 'n erewoord van destydse Nederlandse ministerpresident, dr H Colijn, wat Calvinisme as 'n lewensoortuiging op kerklik ofteel teologiese gebied maar ook op staatkundige en maatskaplike gebied beskryf. Dit was vir hom verblywend dat ook in Suid-Afrika die liefde vir die Calvinistiese lewensopvatting nie wegsterf nie, maar aan die opbloei was. Gebind deur bande van gees en bloed, volg Calviniste 'in "het oudste van de twee moederlanden" hierdie ontwikkeling met groot belangstelling.<sup>74</sup>



#### 3.2.15

*H Colijn, Nederlandse premier, skryf die “erewoord” vir Koers in die Krisis.*

‘n Bydrae deur Colijn was inderdaad bo-aan die lys van sewe wat vir Nederlanders geoormerk was. Stoker het dit só gemotiveer: “Dit sou skitterend wees as hy ons 'n artikel sou wil gee. Dit sal die werk soveel meer werd maak. Bowendien weet ons dat hy teenoor ons land en volk uiters simpatiek staan.”<sup>75</sup> Al het hy toe nie 'n volwaardige artikel kon skryf nie, het Colijn se “erewoord” tog status aan die bundel verleen.

PUK-medewerkers aan die bundel maak 'n indrukwekkende lys uit. Deur hul bydraes het hierdie medewerkers onomwonne ook die gees en karakter van hul universiteit vertolk:

- Prof JD du Toit – Enkele grondbeginsels van die Calvinisme
- Prof CJH de Wet – Bybelgeloof, Bybelkritiek, Bybelfoute
- Prof JA du Plessis – Kerk en staat
- Prof LJ du Plessis – Calvinisme en die politiek
- Prof AJH vd Walt – Staatsgesag en volkevryheid
- Prof HG Schulze – Die invloed van die Bybel op spreek- en skryftaal
- Prof DJ van Rooy – Bybel en wetenskap
- Prof F Postma – Christelik-Nasionale onderwys in Suid-Afrika



	<b>INHOUDSOPGawe.</b>	
		<i>Bl.</i> iii vii xv 1  3 4 5 6 7 9 10 11 12 13 14  17 36 48 55 66  89 95  103 111 121 129 138  149 163 172 180 185 194
<b>Voorwoord—(Dr. J. D. Kestell)</b>		
<b>Redaksionele Voorwoord</b>		
<b>Foto-opgawe</b>		
<b>EREWOORD—(Sy Eksellensie, Dr. H. Colijn)</b>		
<b>GROETE aan Calviniste in Suid-Afrika van Calviniste in Nederland en België—(Prof. Dr. H. H. Kuypers)</b>		
<b>Duitsland—(Dr. W. Kolfhaus)</b>		
<b>Engeland—(Sovereign Grace Union)</b>		
<b>Frankryk—(Prof. Dr. A. Lecert)</b>		
<b>Hongarye—(Prof. Dr. J. Sebestyén)</b>		
<b>Ierland—Ulster—(Rev. James Tolland)</b>		
<b>Nederlands-Indië—(Dr. F. L. Bakker)</b>		
<b>Noord-Amerika—(Prof. Dr. H. H. Meeter)</b>		
<b>Oostenryk—(Prof. Dr. J. Bohatoc)</b>		
<b>Skotland—(Prof. Dr. D. Maclean)</b>		
<b>Suid-Afrika—Ons Engelse Landgenote—(Rev. Andrew Brown)</b>		
<b>A. DIE CALVINISME.</b>		
<i>Johannes Calvyn, 'n Korte Lewenskets—(Prof. Dr. E. E. van Rooyen)</i>		
<i>Enkele Grondbeginsels van die Calvinisme—(Prof. Dr. J. D. du Toit)</i>		
<i>Het Calvinisme in Historisch Perspectief—(Prof. Dr. A. A. van Schelven)</i>		
<i>Die Geskiedenis van die Calvinisme in Suid-Afrika—(Ds. J. V. Coetzee)</i>		
<i>Internasionale Calvinisme—(Prof. Dr. G. Besselaar)</i>		
<b>B. DIE BYBEL.</b>		
<i>Gereformeerde Schriftuitlegging—(Prof. Dr. F. W. Grosheide)</i>		
<i>Bybelgeloof—Bybelkritiek—Bybelfout—(Prof. Dr. C. J. H. de Wet)</i>		
<i>Die Skoonheid van die Bybel—(Dr. J. J. Dekker)</i>		
<b>C. DIE KERK.</b>		
<i>Ons Belydenisskrifte—(Ds. Daniel F. Erasmus)</i>		
<i>Kerk en Staat—(Prof. J. A. du Plessis)</i>		
<i>Calvinisme en Sending—(Dr. P. J. S. de Klerk)</i>		
<i>Metodisme—(Ds. J. J. Krige)</i>		
<i>Die Sekte-wese—(Ds. C. F. Kies)</i>		
<b>D. DIE TEOLOGIE.</b>		
<i>Gereformeerde Progressieve Teologie—(Prof. Dr. V. Hepp)</i>		
<i>Die Genadeverbond—(Dr. G. T. Kikillus)</i>		
<i>Bybelse Kristologie—(Dr. Jac. J. Müller)</i>		
<i>Wonder en Wet—(Dr. S. H. Rossouw)</i>		
<i>Die Millennialisme—(Dr. M. J. van der Westhuizen)</i>		
<i>Die Modernisme—(Dr. D. R. Snyman)</i>		



- Prof J Chris Coetzee – Die Skool en: die huis, die kerk en die staat
- Prof HG Stoker – Die evolusieleer

In 'n verslag van die publikasiekomitee het dr FJM Potgieter verwys na die besonder hartlike ontvangs wat *Koers in die Krisis* geniet het, en dat dit veral oorsee "baie gunstige kritiek" ontlok het. Stoker het op sy beurt gemeld dat slegs *Ons Vaderland* en *Die Hervormer* negatiewe kritiek gelewer het, maar het dit nie die moeite wêreld om daarop te reageer nie.<sup>76</sup>

Ds JV Coetzee het in *Die Kerkblad* die volgende evaluering van die publikasie gegee: "Teëstanders van die Calvinisme in Suid-Afrika het so baie keer al die indruk probeer wek dat die Calvinisme maar net 'n liefhebberytyjie is van die Geref. Kerk in Suid-Afrika en Potchefstroom. Daarby sou dit dan 'n spesiale liefhebberytyjie wees van 'n klein klompie **eksentriek** mense. 'Koers in die Krisis' is die beste bewys van die verkeerdheid van sodanige bewering. En wat meer is, 'Koers in die Krisis' bring vir ons Suid-Afrikaanse mensheid die bewys dat die Calvinisme nie 'n spesiale Suid-Afrikaanse, en meer bepaald 'n Geref.-kerkbeweging is nie, maar dat dit 'n universele iets is ..." <sup>77</sup>

Een potensiële bydrae wat nie gerealiseer het nie maar wat van groot waarde sou kon wees vir die begrip van die Suid-Afrikaanse en meer spesifiek ook die Potchefstroomse standpunt in dié verband, was 'n artikel oor die Hollanders se stryd vir Christelike Nasionale Onderwys (CNO). In sy versoek hieroor aan prof FW Grosheide van die VU te Amsterdam spel Stoker die benaderingswyse daarvoor uit as "nie soseer (alhoewel ook) vanuit staatkundig-histories gesigspunt, as vanuit die gesigspunt van die rol wat die ouer, die onderwyser, die kind daarin gespeel het".<sup>78</sup>

Die hiervolgende twee boekdele van *Koers in die Krisis* het onderskeidelik in 1940 en 1941 die lig gesien, met ds JD Vorster (NG Kerk) as Stoker se mederedakteur. In deel II was die PUK-bydraes veel meer beskeie, naamlik slegs drie en wel uit die penne van proff S du Toit ("Opgrawingswetenskap en Ou Testament"), LJ du Plessis ("Liberalistiese en Calvinistiese Naturelle Politiek") en HG Stoker ("Beginsels van 'n Christelike Wetenskapsleer").

In die derde volume verskyn daar 'n inleidende artikel getiteld "Drome Droom" uit die pen van JD du Toit, een van die adviseurs tot die reeks. Skynbaar reeds saamgestel tydens die herdenkingsfees vir die Groot Trek in 1938, beklemtoon hy die Afrikaner se besondere roeping en taak en waarsku hy: "Kwytwording van ons nasie beteken kwytwording van ons bestemming en uiteindelik die kwytwording van ons toekoms as blanke

ras." Hy spel dit as *Koers in die Krisis* se oogmerk uit "om die hele, ideale terrein te dek, om ons te sê hoe ons as **Christennasie** met 'n eie lewenshouding uit die dode moet opstaan."<sup>79</sup> Ander medewerkers uit die PUK-stal hierdie keer was maar weer HG Stoker ("iets oor 'n Calvinistiese Wysbegeerte") en LJ du Plessis ("'n Beknopte Aanduiding van 'n Calvinistiese Oplossing van die Armlaan-Vraagstuk"), terwyl CJH de Wet met 'n bydrae oor wat genoem is die Joodse probleem, naamlik "Die Volk Israel onder die Volke", en J Chr Coetzee oor "Die Seksuele Opvoeding van die Mens", weer toegetree het.<sup>80</sup>

Ds TN Hanekom, wat later teologiese professor aan die Universiteit van Stellenbosch sou word, het in 'n resensie die aandag gevestig op skerp kritiek teen hierdie twee boekdele in verskeie koerante en tydskrifte, en van die kant van geleerde soos professore AH Murray en RF Hoernlé. By laasgenoemde twee word "duidelike tekens van die aloue vooroordeel een selfs minagtig vir die standpunt wat hierdie werke inneem" aangetref en hy pleit vir 'n "billiker beoordeling van die Calvinisme en ernstiger aandag daarvoor".

Hanekom meen dat daar wel grond van verskil is, en plek vir verbetering, maar swaai "hierdie mense" die lof toe "dat hulle 'n ernstige poging aangewend het om 'n moeilike taak te vervul en dat hulle, bewus van die moeilikhede, voorbeeldig gewerk het aan die uitbou van 'n eie wêrelde- en lewensbeskouing wat aanpas by ons volkskarakter en diep wortel in ons historiese verlede". Hanekom verwelkom dit ook dat die opstellers "onbekrompe alle kerkistiese en engnasionalistiese invloede" vermy en hulle skrywers uit alle kerke en lande getrek het.<sup>81</sup>

#### 3.2.6 PUK-personeel en die Bybelvertaling

Die jaar 1933, toe die eerste Afrikaanse vertaling van die Bybel die lig gesien het, was 'n rooiletterjaar vir die Afrikaner. Potchefstromers en Pukke het meer as die gewone belangstelling in die feesvieringe rondom die grootse gebeure gehad deurdat verskeie van die dosente aan die PUK en aan die Teologiese Skool ten nouste betrokke was by hierdie epogmakende daad.<sup>82</sup> Daarmee en sodoende, is weer eens die Afrikaanse en Afrikanergerigte karakter van die PUK beklemtoon.

In gesaghebbende kringe word aanvaar dat prof JD du Toit (Totius) "die siel van die Afrikaanse Bybelvertaling" was.<sup>83</sup> Die man wat as jong student reeds in 1896 oor hierdie tema 'n lesing voor die studentevereniging Korps Veritas Vincet te Burgersdorp gelewer het, wat "van kindsbeen af met die Genootskappers (Genootskap van Regte Afrikaners) se ideaal van 'n BYBEL IN AFRIKAANS gevoed is".<sup>84</sup>



Wat natuurlik nie uit die oog verloor moet word nie, is die baanbrekerswerk wat du Toit se vader, ds SJ du Toit, in hierdie verband gedoen het. En die impak en invloed wat dit op die jong du Toit moes gehad het.

Prof du Toit oftewel Totius was in die dertigerjare seker die vernaamste "uitvoerproduk", die persoonlikheid deur wie die naam en beeld van die PUK en die Teologiese Skool en Potchefstroom die kragtigste na buite uitgedra is. Enkele jare na die Bybelvertaling maak ook die Afrikaanse Psalmberyming sy verskyning en word du Toit op op sy sestigste verjaardag op massale skaal gehuldig. "Totiusfeeste", "Totiushuldigings" en "Totiusaande" was aan die orde van die dag en bereik 'n hoogtepunt op 20 Februarie 1937, in Bloemfontein: "Van heinde en verre het mense gestroom. Uit Potchefstroom was daar byna 'n stoet motors".<sup>85</sup>

In 'n huldeblyk in die blad "Zuid-Afrika" het prof JW Pont na Totius verwys as "een van die krachtigste bouwers aan het Afrikaansche volksleven, een van zijn grootste cultuurdragers".<sup>86</sup>

As deel van die huldiging onderneem Totius en sy vrou hierna 'n reis na die Bybellande en Europa. Hy ervaar Nazi-Duitsland se ideologie as "antichristelik" en in Holland word hy byna oorweldig deur wat bestempel is as "'n landswye verering onder die kerkvolk'. 'n Entoesiastiese huldigingsfees in die saal van die Amstelhotel in Amsterdam, op 8 September 1937, word beskryf as die grootste wat 'n Afrikaner nog te beurt gevall het, uitgesonderd dié vir president Paul Kruger ten tye van die Anglo-Boereoorlog aan die begin van die eeu.

Hy wandel soms langs die gragte en dit wek herinneringe op aan die jare rondom die eeuwending toe hy en Ferdinand Postma daar gewoon en gestudeer het, en vir hulle beelde opgetower het van die totstandkoming van 'n Christelike universiteit soos dié daar in hul midde: "Daar is gestudeer, maar die studie moes dikwels dien as 'n verdoofmiddel om die pyne te lenig van 'n kranke gemoed. Van agter gesien, het die Here ons hoop, wat nooit uitgeblus is nie, in geen oopsig beskaamd gemaak nie."<sup>88</sup>

Vir onder andere sy aandeel in die Bybelvertaling word eredoktorsgrade in 1934 deur die Universiteit van Suid-Afrika en die Universiteit van Pretoria aan prof du Toit toegeken. In dieselfde jaar bring Totius verdere luister aan Potchefstroom en sy opvoedkundige inrigtings toe die Hertzogprys vir poësie 'n tweede keer aan hom toegeken word, vir die digbundel *Passieblomme*.<sup>89</sup>

In November 1937 ken die Gemeentelike Universiteit van Amsterdam een van ses spesiale eredoktorsgrade aan du Toit toe, ten tye van 'n groot huldiging van die beroemde Nederlandse digter Joost van den Vondel. Omdat hy nie vir die seremonie in Nederland kon aanbly nie, is die eerbewys in absentia aan Totius toegeken. Wat Vondel vir Nederland gegee het, het du Toit vir sy volk gegee, lui die huldigingsrede by die geleentheid.<sup>90</sup> En word hy toegeëien "als een van onze dichters, de bezielde uitdragers en vertolkers van ons geestesbezit".<sup>91</sup>

Byna 40 jaar tevore was Japie du Toit ook "onze dichter", en wel van die piepklein studentegemeenskap dáár in die val en droë Karoo van Burgersdorp. (kyk

## CULTUREELE BETREKKINGEN

### Huldiging prof. J. D. du Toit.

Toen geruchten de ronde deden, dat prof. Du Toit, — bij velen beter bekend als de dichter TOTIUS —, dezen zomer Nederland zou bezoeken, bleek al spoedig, dat velen hier te lande gaarne met hem in aanraking wilden komen. Prof. DU TOIT is ter gelegenheid van zijn zestiende verjaardag in Zuid-Afrika van vele zijden gehuldigd. Naar aanleiding daarvan is hem een geschenk gegeven, waardoor het hem mogelijk is gemaakt een studiereis naar het Heilige Land te ondernemen. Deze reis is thans volbracht en alvoren naar Zuid-Afrika terug te keeren, bezocht prof. Du Toit ons land. Om ook in Nederland uiting te geven aan de waardeering voor TOTIUS' werkzaamheden op litterair en theologisch gebied, is onder leiding van den Rector Magnificus der Vrije Universiteit te Amsterdam, prof. dr. WATERINK, een cerecomité gevormd om aan die huldiging leiding te geven, waarin o.a. zitting hebben genomen Z. Exc. dr. VAN BROEKHUIZEN, Gezant van de Unie van Zuid-Afrika, Z. Exc. J. J. C. VAN DIJK, Minister van Defensie, de Burgemeester van Amsterdam en vele vertegenwoordigers van belangrijke corporaties, zoals de Ned. Zuid-Afrikaansche Vereeniging, de Kon. Academie van Wetenschappen, het Algemeen Ned. Verbond, de Maatschappij der Ned. Letterkunde, de Bijzondere leerstoel voor de Zuidafrikaansche Taal en Letterkunde, het Ned. Bijbelgenootschap, de Theologische School te Kampen en vele anderen.

De huldiging vond op 8 September in het Amstelhotel te Amsterdam plaats. Prof. en mevrouw Du Toit werden ontvangen door het Comité, terwijl een grote schare van belangstellenden, — waaronder wij o.a. opmerkten prof. dr. H. H. KUYPER, onder wiens leiding dr. Du Toit in 1903 promoveerde, vele leden van het Hoofdbestuur der Ned. Zuid-Afrikaansche Vereeniging, vertegenwoordigers van het Alg. Ned. Verbond en verschillende personen, die langeren of korter in Zuid-Afrika hebben gewoond —, van hun medeleven deden blijken.

Prof. WATERINK heette den jubilaris welkom en wees erop, dat deze huldiging geen menschenvergoding bedoelde, maar dat men uiting wilde gevén aan de waardeering voor zijn werk als dichter en theoloog bij de gratie Gods. Z. Exc. VAN BROEKHUIZEN stelde in het licht, dat deze huldiging in Nederland zozeer op zijn plaats was, omdat de doorwerking van het Calvinisme in Zuid-Afrika een bevuchtend element vindt in dit land. Ook wees hij op het verblijdende feit, dat de Afrikaansche Bijbelvertaling is tot stand gekomen door de samenwerking der drie Hollandsch-Afrikaansche Kerken. Ten slotte vermeldde spreker tal van persoonlike herinneringen van gemeenschappelijk samenwerken en gezamenlijk gedragen leid in tijden van grote beroering gedurende en na den Anglo-Boereoorlog.

De Voorzitter der Ned. Zuid-Afrikaansche Vereeniging, de heer L. R. MIDDELBERG, eerde TOTIUS als geestelijk leider van



### 3.2.18

**Bybelvertalers.** Die vyf hoofvertalers van die Bybel in Afrikaans: prof JD du Toit, EE van Rooyen, dr JD Kestell, proff HCM Fourie en BB Keet.

#### hoofstuk 1.3.4)

Naas Du Toit (Totius) was verskeie ander Potchefstromers ook betrokke by die Bybelvertaling.

Die uiters bekwame en veelsydige dosent in die Klassieke, LJ du Plessis,<sup>92</sup> is op advies van Totius as sekretaris vir die projek benoem en het as taak gehad om al die administrasie te behartig, koördinerend op te tree en ook as taaladviseur te dien.<sup>93</sup> Hierdie "unieke en geniale mens", soos hy na sy dood beskryf is, het eiehandig die hele Bybel in Afrikaans getik. "Maar na die reuse-werk", blyk dit, "wou hy nooit weer aan 'n tikmasjien vat nie, en hy het alles geskryf."<sup>94</sup>

Behalwe om die vertalers se werk te tik, moes du Plessis ook na die taalvorm kyk en die werk van die vertalers harmonieer: Hy vertel self hiervan: "Ek het dr du Toit se taal en styl geken, en het daarom die ander vertalers gewys waar hulle verskil ... Baie veranderinge is aangebring in die oorspronklike vertalings op my suggesties. Ek is gebruik deur dr du Toit as sensor vir sy taal en die gevolg was dat ek deur invloed van dr du Toit deur al die vertalers gevra is om hulle werk eers na te sien voor ek dit aftik."<sup>95</sup>

Wat du Plessis se taalkundige vermoëns betref, is hy sterk deur Totius aanbeveel, wat sy tesis aan dr Kestell

gestuur het sodat laasgenoemde kon sien "hoe goed sy Afrikaans is". Hy is deur sowel du Toit as Kestell as taaladviseur gebruik, veral by die vertalings uit Grieks.<sup>96</sup>

Prof Ferdinand Postma het ook 'n lang pad saamgeloop in die proses van die Bybelvertaling. Reeds in 1916 het hy saam met prof JD du Toit, prof NJ Brummer (van die departement Filosofie aan die Universiteit van Stellenbosch) en ds. Willem Postma proewe van 'n Afrikaanse vertaling van die Bybel gelewer. In November dié jaar is hy saam met prof Du Toit en ds Postma benoem as verteenwoordigers van die Gereformeerde Kerk op die breë kommissie vir die Bybelvertaling, waarmee die bal aan die rol gesit is. Terselfdertyd is Postma en du Toit as medevertalers van die Nuwe en Ou Testament onderskeidelik aangewys en het hy 'n beduidende rol gespeel en aandeel gehad in wat bekend sou staan as die "Voorlopige vertaling". Prof JD Kestell, een van die vyf eindvertalers, het hoë lof gehad vir die werk wat Ferdinand Postma gedoen het.<sup>97</sup>

Prof SPE Boshoff het, terwyl hy nog aan die PUK verbonde was maar ook ná sy vertrek na Kaapstad, as taaladviseur opgetree terwyl proff CJH de Wet en JA du Plessis as adviseurs en laasgenoemde ook as lid van die vertalingskomitee gedien het.<sup>98</sup>



Proff JC van Rooy en LJ du Plessis was lede van die reëlingskomitee vir die Bybelfeesdae 26 en 27 Augustus te Potchefstroom. By hierdie geleentheid het prof JA du Plessis die feesrede gelewer terwyl LJ du Plessis die aanwesiges omtrent aspekte van die vertaling ingelig het.<sup>99</sup> Die rektor het op sy beurt die hooffees in Bloemfontein bygewoon en daar 'n boodskap namens die Raad en Senaat van die Universiteit voorgedra.<sup>100</sup> Volgens Postma sou die Afrikaanse Bybel die PUK inspireer om "ooreenkomsdig sy spreek IN U LIG op universitaire en wetenskaplike gebied te handhaaf en te bou tot eer van sy naam".<sup>101</sup>

### 3.2.7 Akademiese skakeling / beeld na buite

Die behoefte aan en noodsaklikheid van akademiese kruisbestuiwing is wel deeglik deur die PUK gevoel en daar sou dus in die dertigerjare, ongeag die relatief geïsoleerde geografiese ligging van die inrigting, voortgegaan word om personeel en studente deurlopend aan eksterne akademiese kontak bloot te stel. Die negatiewe bevindinge van die Van der Horst-kommissie sou as aansporing dien om aan 'n moontlik skeptiese gemeenskap daar buiten te toon dat hierdie veelal miskende inrigting wel bestaansreg en bestaansmoontlikhede het. Al was SPE Boshoff se beweerde opmerking dat die PUK sou moes leer om vriende te maak waarskynlik net vir beperkte ore bedoel sou daar inderdaad hard gewerk word aan die openbare beeld van die inrigting.

HG Stoker se reeds genoemde bywoning van die halfeeuveesvieringe van die Vrije Universiteit in Amsterdam was 'n geleentheid by uitnemendheid vir akademiese skakeling en sou ongetwyfeld as bron van inspirasie vir die veel jonger eksponent van Christelike wetenskapsbeoefening dien.

In sy boodskap aan die Vrije Universiteit het Stoker verwys na die vyf oudstudente van die VU wat te Potchefstroom doseer, te wete proff F Postma, JD du Toit, CJH de Wet, JC van Rooy en G van Wageningen, en meld dat dit die ideaal van die PUK is "om die Vrije Universiteit van Suid-Afrika te word". Hy het ook getuig van en hulde gebring aan die invloed van die VU deur die gesproke en geskrewe woord en in verskeie "volksbeweginge", waaronder die interkerklike stryd teen die gewetensklousule, die stryd vir Christelik-nasionale onderwys, ondersteuning van bewegings soos die Kalvinistiese Bond, die Kristelike Unie, die Bond van Kalvinistiese studente en die interkerklike ywer vir die instandhouding en uitbreiding van die PUK.<sup>102</sup>

In antwoord op onder andere Stoker se groete-oordrag het voorsitter H Colijn ten aanvang "het volkslied van het stamverwante volk ... dat alle man en alle vrouw

in deze zaal uit volle borst heeft meegezongen", aan die orde gestel: "Kent gij dat volk vol heldemoed". Solidariteit is nie net betuig vanweë stamverwantskap nie, maar ook vir sover dit die handhawing van dieselfde Gereformeerde beginsels betref. Colijn het ook 'n oplossing gehad vir die behoefté aan gesikte professore: "Zend uwe jongen mannen hier naar Nederland om aan de VU te studeeren en wij zullen ze vormen tot heldhaftige dragers van het Calvinisme, om ook dat Calvinisme in Zuid-Afrika steeds vaster voet te doen kriegen en groter invloed op het leven van het Zuid-Afrikaansche volk uit te oefenen."<sup>103</sup>

'n Tydje na sy terugkeer het Stoker sy Potchefstroomse medegeleerde vergas met 'n indringende lesing oor "Calvinisme, wetenskap, universiteitswese en die Vrye Universiteit van Amsterdam". Dit was te lank vir een en is toe in drie aflewerings in *Die Huisgenoot* gepubliseer, in 'n era toe akademiese en kultuur-historiese temas geen moeite ondervind het om die inhoudsopgawes van hierdie Afrikaanse gesinsblad te haal nie. In redaksionele kommentaar is na Stoker se bydrae verwys as 'n "verhandeling"<sup>104</sup>

Vir seker het sy PUK-toehoorders vasgenael gesit tydens die slotakkoorde van hierdie gloeiende uiting van wetenskaplike denke en logika, toe hy een en ander oor die feesverrigtinge en die gees en gesindheid daartydens verslag gedoen het: "Die geesdrif sal ek nooit vergeet nie. Groot en klein, arm en ryk, geleerd en ongeleerd, manne met wêreldbekende name en eenvoudige, onbekende mense, van die stede, van die dorpe en van die plase het huisende ondersteuners van die universiteit byeengestroom om God te dank en te juig in feesvreugde. Dit was nie 'n fees van geleerde alleen nie, dit was 'n volksfees in die ware sin van die woord ... Op die fees was eg Calvinistiese geesdrif vir die wetenskap, selfs by die eenvoudigste... Hierdie fees het opnuut die geloofsmoed en godsvertroue, die geesdrif en liefde van die vroegste dae bevestig en dit met nuwe gloed laat herleef. 'n Universiteit wat met so 'n liefde en offervaardigheid van die volk gedra word, kan hom menslik gelukkig ag."

Besieling en begeesterung straal uit die prentjie van die VU, met sy byna 500 studente en 23 professore, wat Stoker aan toehoorders en lesers voorhou: "Nog is die getalle klein in vergelyking met dié van die staatsuniversiteite, maar die getal tel nie in die eerste plaas nie, maar die krag van die gees en die aard van die wetenskaplike arbeid wat verrig word." Oudstudente van die VU speel 'n belangrike rol in die breë volkslewe maar selfs internasional – en in hierdie verband verwys hy na diegene in Suid-Afrika wat as parlementslede, universiteitsdosente en predikante van die NG en Gereformeerde Kerke diens doen. Professore met hul publikasies en studente met hul proefschrifte het naam gemaak en eerbied by andersdenkendes aan die



neutrale universiteite afgedwing: "In al hierdie werke is aangetoon hoe op teologiese, juridiese, staatkundige en natuurfilosofiese gebied ens. 'n Wetenskap objektief opgebou kan word wat alle feite en beginsels reg laat wedervaar, en tog skrifgelowig is, en wat in elke vak sy eie Christelike beginselsisteem besit, en hoe die Christelike idee van die wetenskap uitgewerk kan word in teenstelling met 'n wetenskap wat nie met die Woord van God rekening hou nie ... Hoofsak is om in te sien hoe die Calvinisme, universeel van aard, ook vir die wetenskap sy betekenis het, hoe dit in Holland 'n eie universiteit in die lewe geroep het en uitbou, en hoe die Vrije Universiteit 'n praktiese bewys is van die vrugbaarheid van die Calvinisme op wetenskaplike en universitaire terrein."

Met 'n volgende opmerking het Stoker ongetwyfeld die PUK in gedagte gehad, en sou sy toehoorders dit beslis ook só verstaan het: "So 'n universiteit op te rig, veral in die 20ste eeu, met amper geen staatshulp in stand te hou nie, hoofsaaklik met die pennies (of liewer sente) van die eenvoudige man, pennies waaraan 'zweet, liefde en gebeden' kleef, is 'n reuse taak wat geloofsmod, geloofsversekerdheid en 'n Godsvertroue vereis, 'n onderneming wat by elke onbevooroordeelde toeskouer eerbied moet afdwing."<sup>105</sup>

Stoker het ook in *Die Wagtoring* verslag gedoen van die VU se feesverrigtinge. In sy toepassing ten opsigte van die PUK se situasie, wys Stoker op die "pragtige erkenning" van die VU deur die ander Hollandse universiteite, in teenstelling met die plaaslike situasie. Maar sodanige erkenning is deur die VU afgedwing en moet ook deur die PUK afgedwing word, naamlik eerstens deur wetenskaplike publikasies en uitbouing van die wetenskap en tweedens, deur studente tot manne van beginsels te vorm, om in die praktyk hul merk te maak.

Stoker is eerlik in sy evaluering: "Internasionaal beteken ons nie veel nie. As ons werk, kan ons met die seen van God, ook internationale erkenning en invloed verwerf." En hy spreek die hoop uit dat die nuwe geboue en onlangse feestelikhede in Potchefstroom 'n nuwe periode van kragtige bloei vir die PUK ingelei het.<sup>106</sup>

Afgesien van die dosente wat self verryking oorsee gaan soek het, het oorsese geleerdes en akademici van ander universiteite en inrigtings vir hoër onderwys elders in die land ook redelik reëlmatrik gekom en gegaan. Hoedanig was die beeld, welke indruk het Potchefstroom en die PUK in hierdie tyd op buitelandse besoekers gemaak?

'n Goeie barometer is dalk die skets wat in April 1931 in die blad *Zuid-Afrika* verskyn het. Menige Nederlander, sê die naamlose waarnemer (skynbaar

prof Bokhorst), het 'n totaal verkeerde beeld van hierdie vroeëre hoofstad van Transvaal. Dis nie 'n landelike Genève of Catomistiese Sparta waar die Gereformeerde Drieéenhed van Kerk, Teologiese Skool en Universiteitskollege sy stempel afgedruk het nie, of 'n stil plekkie "waar men in het zwart gekleed loopt en de eenvoud van de vaderen betracht" nie. Nee: "Temidden van lachende grazige beemden ligt een vriendelik dorp, door wuivende treurwilgen omringd ... wonderlik is deze waterrijkdom hier ... Dat geeft iets fris en welvarende aan het dorp." Gerieflike hotels, geen gebrek aan kerke nie, "een verruklik zwem- en zonnebad" en 'n gholfbaan wat enkele jare gelede nog as die beste in die land gereken is. En omtrent almal ry op fiets.

Dan is daar nog die Bult. "Ja, de bult, daar schuilt het intellect" van die Teologiese Skool en die Universiteitskollege, laasgenoemde as onderdeel van die Pretoria gesetelde Universiteit van Suid-Afrika – met 20 dosente en ongeveer 240 studente. In die laaste paar jaar het die Kollege groot vooruitgang getoon onder leiding van rektor Postma en registrateur van Rooy en die kroon word binnekort gespan deur die ingebruikneming van die nuwe hoofgebou. Saam met dié beskrywing is 'n foto van die pasvoltooide hoofgebou en een van die "aula" daarbinne in die blad geplaas.

'n Besonder hoog gewaardeerde besoek is in Julie 1930 aan die PUK gebring deur dr (Oscar) Hintringer, beskryf as " 'n besonder warm vriend van Afrikaanse studente in Berlyn". In sy jaaroorsig teken Postma verder aan, gedagdig aan die jare 1920 en 1924: "Andermaal het die geniale meester in die voordragkuns, Prof G. Modest Lauwers, Potchefstroom besoek, en by die uitnemend geslaagde voordragte ook 'n lesing vir die studente gegee."<sup>107</sup>

Tydens die gradeplegtigheid op 7 Mei 1931 het prof dr DM Bokhorst, dosent in Nederlandse kultuurgeschiedenis aan die Universiteit van Pretoria, 'n "kragtige rede" gevoer oor "Die Verwantskap tussen Nederlandse en Afrikaanse Kultuur". 'n Afgevaardigde van die Carnegie Trustees, dr RH Fife, het die PUK in Augustus besoek "en beskouinge voorgedra oor die mees moderne metodes waarop moderne tale behoort bestudeer te word".<sup>108</sup>


'n Besoek wat deur die publiek van Potchefstroom of die "ou Voortrekkerstad", soos daarna verwys is, hoog op prys gestel is, was dié van dr A Phelp-Stokes van die Verenigde State van Amerika, in 1932. Dit was nie soseer dr Stokes se lesing oor die ontwikkeling van universiteite sedert die 12de eeu wat soveel aandag getrek het nie as die feit dat sy vrou die kleindogter van Voortrekkerpredikant eerwaarde Lindley was.



3.2.19

*Prof DM Bokhorst*

3.2.20

*Prof AA van Schelven*

3.2.21

*Prof PJ Schoeman*

'n Geleentheid vir die PUK om met sy spoggerige nuwe hoofgebou en stylvolle koshuise te spog het hom in April 1932 voorgedoen toe die Raad en Senaat van die Universiteit van Suid-Afrika op Potchefstroom vergader het. Prof Postma, wat op die stadium dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte van die federale universiteit was, rapporteer waardering van die kant van die besoekers oor die "nette verskyning"<sup>109</sup> van die PUK.

Twee baie geëerde buitelanders het ook in 1933 'n draai op Potchefstroom gemaak.

Prof dr AA van Schelven, hoogleraar in Geskiedenis aan die Vrije Universiteit Amsterdam, het twee lesings gegee oor "De Idee van Vooruitgang" en "De Levenstijl van 't Calvinisme". Daar was groot waardering vir die besoek: "Tussen die Vrye Universiteit en die P.U.K. is daar 'n besonder noue verwantskap deur die gemeenskaplike belydenis van beide inrigtinge van Hoër Onderwys dat God se onfeilbare Woord die enigste en suwerste ligbron is vir wetenskaplike voorbereiding en studie. Niteenstaande kritiek in ons land op hierdie verwantskap uitgespreek word, is die wens dat beide Inrigtinge in die naaste toekoms in nouer verbinding mag saamwerk."<sup>110</sup>

Besondere waarde is ook geheg aan die besoek van prof D Westermann, hoogleraar in Bantoetale aan die Universiteit van Berlyn en ook voorsitter van die International Institute of African Affairs. Rektor Postma het na hom verwys as "die vernaamste anthropololoog van die Universiteit van Berlyn". Westermann se besoek het plaasgevind onder beskerming van die Carnegie Korporasie en sy optredes in Suid-Afrika is gereel deur die interuniversitêre komitee van lesings in die Unie. Die "vermaarde besoeker", rapporteer Postma, "het gelees oor 'Languages and Education'".<sup>111</sup> Volgens die *Potchefstroom Herald* het hy op 11 Oktober 1933 'n lesing in die PUK se kollegesaal gegee oor "Psychology and the Negro".<sup>112</sup>

Die ontluikende Afrikaanse skrywer en volkekundige van Stellenbosch, PJ Schoeman, maak ook in Augustus 1933 'n draai by die PUK en lewer 'n "uiters belangrike lesing" oor "Die Bantoelewe en gewoontes". Hierdie lesing het ten nouste aangesluit by een wat die vorige jaar deur prof GP Lestrange, wat in 1930 as eerste professor in Bantoeistiek aan die Universiteit van Pretoria aangestel is, oor die Naturelle vraagstuk gehou is.<sup>113</sup>

In Schoeman se gehoor sit ook 'n klompie Nederlandse studente, wat deur dr DCS du Preez na Suid-Afrika gebring is en op Potchefstroom as gaste van ASB-studente teregt gekom het. Op die PUK-kampus is hulle op 'n rondtoer geneem en vergas met 'n "conversazione" (verskeidenheidskonsert), terwyl



hulle ook deur prof Postma en dr Smuts (van Normaal Kollege) toegespreek is.<sup>114</sup> Die besoek van hierdie studente is beskou as “ongetwyfeld dienstig ... om die bande tussen Nederland en Suid-Afrika nouer aan te haal”.<sup>115</sup>

In Februarie 1933, met die afsterwe van dr N Mansvelt, wat as opvoedkundige so intens betrokke was by die ontwikkeling van hoër onderwys in Suid-Afrika, is daar ook in PUK-geledere 'n verlies gevoel, vir sover dit dr Mansvelt se rol in die bestendiging van die bande tussen Suid-Afrika en Nederland in die algemeen en sy aandeel en belangstelling in die ontwikkeling van die PUK in die besonder betrek.<sup>116</sup> Mansvelt het as bestuurslid van die Zuid-Afrikaansche Voorschotkas 'n belangrike rol gespeel in die finansiering van die pos wat in die tienderjare en tydens die oorgangsfase van die destydse Literariese Departement na universiteitskollege deur SPE Boshoff beklee is.

Soos die afsterwe van Mansvelt, het ook die dood van Nederlandse koninginmoeder Adelheid Emma die hartsnare van die Afrikaners geroer. Nie net van regeringsweë was daar groot huldebetoon nie, maar ook die studentegemeenskap van die PUK het, in ondersteuning van 'n mosie van deelname deur die Afrikaanse Nasionale Studentebond (ANS), hul simpatie getoon. In skrille kontras daarmee is die "rou-byeenkoms" wat die PUK-studente op 6 Mei 1935, tydens die jubileumvieringe van Britse vors George V, gehou het.<sup>117</sup>

In 1934 besoek nog 'n VU-geleerde die PUK, te wete die internasionaal bekende teoloog, prof V Hepp. Pas terug vanuit Amerika, waar hy spesiale lesings oor Calvinisme en natuurfilosofie gelewer het, het hierdie opvolger van die beroemde Herman Bavinck voordragte oor "Die Koningsmens" en oor "Die Skeppingsverhaal en die Natuurwetenskappe" aan die PUK gelewer. Postma

kon nie help om maar weer, met verwysing na Hepp se besoek, die gemeenskaplike strewe van PUK en die VU te beklemtoon nie.<sup>118</sup> Hy is beskryf as 'n boeiende redenaar en het ook in die plaaslike Gereformeerde en NG Kerk gepreek.<sup>119</sup>

Die PUK-studente het hulle "verheug" in Hepp se besoek: "Ons waardeer en geniet sy lesings ... ten seerste en stel dit hoog op prys, nie alleen as die werk van 'n wetenskaplike van internasionale status nie, maar ook as die werk van 'n oortuigde en besielde spreker wat ook stry en veg en lewe vir die ideaal van 'In U Lig'.<sup>120</sup>"

In Augustus 1934 het dr CG Kuhlmann, van die sekretariaat van die Volkebond in Genève, in 'n openbare lesing in die PUK-saal gehandel oor "The League of Nations and Nationalism" en sy "boeiende lesing" is deur 'n groot gehoor, insluitende lede van die publiek van Potchefstroom, hoog waardeer.<sup>121</sup> Kuhlmann het onder meer daarop gewys dat in elke nasie daar 'n drang en begeerte is na "the mysteries of one's wond'rous own", maar het gewaarsku dat dit 'n vloek en 'n groot gevvaar kan word as dit gepaard gaan met onder meer territoriale aspirasies en hebsug ("greed").<sup>122</sup>

Maar die dik stroom loop steeds vanaf Nederlandse bodem, as teken van onverdunde stamverwantskap. In 1935 is dit historikus prof dr HT Colenbrander van die Universiteit van Leiden en prof dr G Besselaar van die Stedelike Universiteit van Amsterdam, bestempel as die "mees vooraanstaande ... van die Calvinistiese beginsels op alle gebied", wat die gemeenskaplike bande verder verstewig. Besselaar, wat die eerste bekleer van 'n Afrikaanse leerstoel aan die Stedelike Universiteit van Amsterdam was,<sup>123</sup> het 'n gesamentlike byeenkoms van die Senaat, Korps en die ANS-tak oor "Ons Plek in die Dietse Verband" toegespreek terwyl Colenbrander die



3.2.22

Prof V Hepp



3.2.23

Prof G Besselaar



(Foto K. Braak)

Het Oog (een der bronnen) van de Mooi-rivier, ten N. van Potchefstroom.

Zoo kwamen wij in de beste stemming in Transvaal, waar de eerste plaats Potchefstroom was. Wij bleven daar van 17 tot 21 Aug. De woestijn was voorbij. Potchefstroom strekt zich over een groot oppervlak uit, met bevloeide velden tuschen hoog geboomte, niet slechts van eucalypten, maar ook van prachtige pijnboomen en treurwilgen, idyllisch langs de Mooirivier. Het heeft vele historische herinneringen; het is de oudste stad en de vroegere hoofdstad van de Zuidafrikaansche Republiek. Het is ook de stad of het dorp der kerken, die daar geestig genoemd worden: de Tipperary (d.i. de Engelsche), de Dopperary (de Dopper-), de Do-not-cary (de Nederduitsch Gereformeerde) en de Unitary (de Vereenigde) Kerk. Het heeft talrijke les- en werkgebouwen en kosthuizen, o.a. voor de studenten van het Universiteitscollege, de normalschool, de huishoudschool, de landbouw- en de ambachtschool. Die landbouwschool is stellig iets bijzonders, zij kan de vergelijking met de beste in Europa doorstaan. Echter vestigde men te Potchefstroom myn aandacht op de armoede, waarin juist het Universiteitscollege verkeerde; zijn laboratoria in oude militaire barakken maken inderdaad een schamele indruk. Ook de universiteitsbibliotheek was, gelijk die te Bloemfontein, zeer schraal voorzien; Nederlandsche boeken ontbraken er bijna geheel en dat is natuurlijk mee een reden, waarom het Engelsch de drager van hogere ontwikkeling blijft, ook in Afrikaansche centra. Schenking van Nederlandsche boeken aan de bibliotheek te Potchefstroom is zonder twijfel een cultuurdaad van betekenis, die daar zeer op prijs zal worden gesteld. De Nederlandsch-Zuidafrikaansche Vereeniging zal eventueel zich zeker wel met de verzending willen belasten.

Ons programma bevatte hier o.a. nog een tooneelopvoering door studenten, een lezing over Bantoe-cultuur door P. J. SCHOEMANN, een uitermate deskundig man, en natuurlik officiële ontvangsten, door den staf van het Universiteitscollege, den burgemeester en den Nederlandschen vice-consul. Ook hier viel, evenals eenige dagen later te Pretoria, het besluit tot afscheiding van de Nusas. Onder reusachtig uitgeleide, en het zingen van het: „O bring my terug naa die ou Transvaal”, vertrokken wij den 21en naar Johannesburg.

### 3.2.24

*‘n Uittreksel uit die verslag van die Dietse studente wat ook Potchefstroom besoek het.*

die Senaat, Korps en die ANS-tak oor “Ons Plek in die Dietse Verband” toegespraak terwyl Colenbrander die Nederlandse en die Britse Koloniale Geskiedenis in twee lesings behandel het.<sup>124</sup>

Toe ‘n geselskap Dietse studente onder begeleiding van mnr JH Broekman in 1936 ‘n drieaagse besoek aan die PUK aflê, word dit weer ervar: “Sulke besoek versterk die bande tussen Dietse stamgenote wat seer wenslik is, gesien hoe geweldig in ander rigtinge georganiseer word.”<sup>125</sup> Wat Postma hiermee bedoel het, is moeilik te bepaal. Uit die konteks van sy woorde wil dit voorkom asof hy moontlik ‘n bedreiging vir Afrikanerskap in gedagte gehad het.

Die studenteblad het hierdie besoek as van besondere betekenis bestempel. Afgesien van die gewone gesellige verkeer, aangename uitstappies en persoonlike kennismaking, het dit ook uitgestaan vanweë “die lewendige belangstelling in mekaar se volksideale” en was dit tegelykertyd “aanmoediging, inspirasie vir mekaar in die handhawing en uitbouing van eie nasionale kultuur”. Daar is veral aanklank gevind by die Vlaamse element, vanweë die merkbare ooreenkoms van die Vlaamse stryd om vryheid en reg, om die handhawing van kultuur en nasieskap, met dié van die Afrikaner.<sup>126</sup>

Nog twee bekende Nederlandse akademici wend hulle skredes in 1937 na die verre Wes-Transvaal, te wete prof dr P Geyl (Universiteit van Utrecht) en dr PJ Idenburg, sekretaris van die Nederlands Zuid-Afrikaansche Vereniging (NZAV) en sekretaris van die Universiteit van Leiden. Die primêre doel van hierdie besoek was om kulturele maar veral universitaire betrekkinge te verbeter.<sup>127</sup>

Geyl het sy PUK-toehoorders ingelig omtrent “Die Vlaamse Beweging en sy Historiese Agtergrond” terwyl Idenburg op sy beurt moeite gedoen het om, “in beslote kring” die werking van die Studiefonds voor Zuid-Afrikaanse Studenten (‘n onderdeel van die NZAV) uiteengesit het. In wyer kring het hy “n kragtige rede gehou oor die noodsaaklikheid van samewerking tussen Nederland en Suid-Afrika”.<sup>128</sup>



### 3.2.25

*Dr PJ Idenburg*



In 1939 besoek dr Idenburg weer Suid-Afrika, met die oog op die bevordering van verhoudinge tussen Suid-Afrika en Nederland, en lê in die proses besoeke af by die meeste universiteite en universiteitskolleges. Hy bevind in die algemeen 'n baie gunstiger klimaat as twee jaar tevore, met 'n effense swaai in Afrikanersentiment vanaf Duitsland na Nederland – veral so by Afrikaanse universitaire inrigtings.

Veral by Stellenbosch is daar groot toegeneënheid en behoefte aan Nederlandse advies ten opsigte van verdere ontwikkeling. Die Universiteit van Pretoria is meer terughoudend, met 'n tendens om buitelandse invloed te weer. Nederlandse invloed is sterk in Bloemfontein, maar ontwikkeling word deur voortdurende faksiestryd aan bande gelê.

Op Potchefstroom lyk dinge vir Idenburg mooi: "In Potchefstroom bleek de geneigdheid, om met Nederland samen te werken, ook ten aanzien van andere instellingen van Hooger Onderwijs dan de Vrije Universiteit te Amsterdam, waarmede deze calvinistiese instellings steeds tamelijk nauwe betrekkingen onderhoudt, belangrijk toegenomen. In een bijeenkomst der academische docenten werd door een van de leden van den Senaat, die zich bij mijn bezoek in 1937 afkeurend over de houding der Nederlanders ten aanzien van Zuid Afrika had uitgelaten, openlijk uitgesproken, dat de activiteit der laatste jaren van Nederlandsche zijde het oordeel van hemzelf en verschillende zijner collega's volkommen had gewijzigd."<sup>129</sup>

In rektor Postma se verslag vir 1937 word daar verwys na die stelsel van uitruilstudente met Duitsland, wat al vir geruime tyd op gang is en in dié jaar vergestalting gevind het in die persone van DJ Coetzee van PUK en G. Kuhhirt van Suidwes-Afrika: "Dis 'n uitnemende stelsel wat miskien ook met Nederland kan gedoen word", is Postma se gevoel.<sup>130</sup> In die verslag vir 1939 word dan ook vermeld dat 'n sodanige stelsel met Nederland beplan word, maar dat die implementering daarvan waarskynlik vir die eerste paar jaar deur oorlogsomstandighede verhinder sal word.<sup>131</sup> Dit was toe inderdaad só: die totstandkoming van 'n kulturele verdrag, waardeur amptelike erkenning verleen sou word aan die betrekkinge wat op partikuliere basis behartig is, is deur die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in September 1939 verhinder<sup>132</sup> en sou eers weer na afloop van die byna sesjaarlange oorlog daadwerlike aandag geniet.

Deelname aan en betrokkenheid by die Voortrekkereeu-feesvieringe (in 1938) en die honderdjarige herdenking van die stigting van Potchefstroom (in 1939) het verdere geleentheid gebied vir die uitdra van die beeld van die PUK na die gemeenskap. (**Hierdie twee sake word in hoofstuk 5.1. behandel.**)

Wat betref die PUK-profiel binne die plaaslike gemeenskap sou daar uitgehaal en gewys moes word om die standaard wat in die twintigerjare gestel is, te handhaaf. Geen wonder nie dat koerantman EH Jenkins reeds in Mei 1932, met gebruikmaking van die beeld van "The Chinese Wall at Mare Street" as opskrif tot sy betoog, gewys het op PUK-personeel se min belangstelling in en deelname aan die dorp se sake – so anders as in die tyd van Cachet, Duvenage en Boshoff. Is dit aan onverskilligheid/traak-my-nie-agtigheid ("indifference") of aan beskroomdheid ("diffidence") toe te skryf?<sup>133</sup>

Dit is beslis waar: PUK-personeel het nie so prominent soos genoemde drie persone in die kollig van die gemeenskapslewe figureer nie. Veral Duvenage en Boshoff het as stadsraadslede en burgemeesters vir meer as een termyn onvermydelik aandag op hulle gevestig; des te meer so vanweë hul besondere persoonlikhede. Maar op laer vlakke is daar darem nie lyf weggesteek nie, soos blyk uit 'n verslag oor die situasie teen 1937. (**kyk insetsel**)

#### DIE P.U.K. EN DIE PLAASLIKE GEMEENSKAP.

Die band tussen die P.U.K. en die dorp Potchefstroom word altyd sterker. Die besef dring altyd meer deur dat die een baie aan die ander te danke het. Van die kant van die burgemeester en die stadsraad is daar erkenning vir wat die kollege beteken vir die ontwikkeling van die dorp en P.U.K.-funksies word goed bygewoon. Op 'n ontvangs wat gereël is ter verwelkoming van die nuwe staflede was die vernaamste plaaslike liggeme verteenwoordig. Tegemoetkoming is ook betoon deur die stadsraad ten opsigte van die teer van die paaië na die hooggebou. „Die Veteraan“ koester 'n stille hoop dat die toelae van die munisipaliteit eersdaags aansienlik verhoog sal word.

Vermelding verdien ook die gulhartige wyse waarop invloedryke persone in die distrik meewerk tot insameling van geld vir die boufonds.

Aan die ander kant word ook van die kant van die P.U.K. sy deel gedoen in verband met plaaslike organisasies. Die Rektor (Prof. Postma) beklee al jarelang 'n prominente posisie in die Rade van verskillende liggame. Tans is hy nog lid van die Raad van die Witrandse Inrigting vir Swaksinniges en voorvasser van die Skoolkommissie van die President-Pretoriuslaerskool, asook van die Beherende Liggaa van die Hoër Gimnasium.

Prof. J. C. van Rooy is voorvasser van die Kindersorgvereniging asook van die Komitee vir die Regeringsskema insake ondersteuning van liggaamlik ongeskiktes, terwyl hy ook lid is van die Komitee vir Armesorg. Prof. J. P. van der Merwe dien op die Jeugraad.

Prof. Schulze is voorvasser van die Kultuurvereniging, terwyl hy ook lid is van die Beherende Liggaa van die Gimnasium. Prof. Labuschagne behartig die vooritterskap van die Kunswedstryd Vereniging – 'n reuse-onderneming. Hy is ook sekretaris van die Kindergrafkomitee.

Prof. D. J. du Plessis neem 'n ywerige aandeel in die „Voortrekkerbeweging“ en Prof. J. Chr. Coetzee is selfs voorvasser van die direksie van 'n plaaslike handelshuis. Prof. Coetzee is ook besig aan 'n werk oor die geskiedenis van die onderwys in Potchefstroom in verband met die eeufees wat in 1938 gehou word. Prof. A. J. H. van der Walt is voorvasser van die Kommissie van Beheer van die Administratiewe Büro (Geref. Kerk). Ook Prof. J. P. van der Merwe dien op hierdie bestuur.

Prof. L. J. du Plessis neem 'n lewendige deel aan die plaaslike staatkundige bedrywigheede. Dan moet ook nog vermeld word dat verskillende staflede kerkradslede is, n.l. Proff. Schulze, D. J. du Plessis en A. P. Goossens.

Uit bestaande blyk genoegsaam dat die P.U.K. op alle gebiede van die plaaslike samelewing sy stem laat hoor.

#### 3.2.26

##### Veteraan II (1937) pp 22-23



### 3.2.8 Postma: gesog en gehuldig

Ferdinand Postma se ster as akademiese leier was steeds besig om helderder te word. Die vasberadenheid en koersvastheid waarmee hy die PUK deur krisisse heen gelei het en die indruk wat hy in breër opvoedkundige kringe geskep het, het nie ongesiens verby gegaan nie, in eie kring sowel as daar buite. In die najaar van 1934 ontstaan daar 'n moontlikheid dat die PUK die dienste van sy gewaardeerde rektor sou verloor. Die Universiteit van Pretoria soek 'n rektor en wil graag hierdie briljante akademikus en gesiene leier binne die breë universiteitsopset by hulle aan die roer van sake stel.

Maar waarom Postma, 'n buitestander, met geen opsigtelike bande met die UP nie?

Die rektorskap van UP (vroeër TUK) was maar van meet af aan 'n turksvy. Hoewel die inrigting reeds in 1910 as universiteitskollege beslag gekry het, is die eerste rektor eers in 1918 aangestel, in die persoon van prof HC Paterson. Politieke verdeeldheid en ongure verhoudinge tussen Afrikaans- en Engelssprekendes lei daartoe dat Paterson in Julie 1922 bedank en dat die pos eers in Mei 1925 weer gevul is. Die nuwe rektor, dr NM Hoogenhout, keer na twee jaar terug na sy pos as hoof van die plaaslike Normaal Kollege. Vir 'n verdere twee jaar is UP besluitloos en rektorloos, voordat prof AE du Toit in Augustus 1929 die warm stoel inneem.<sup>134</sup>

In 1930 word TUK selfstandig as die Universiteit van Pretoria. Tradisioneel geskoei op die gelykheidsbeginsel of 50-50-beleid, vir sover dit taalmedium betrek, word na baie woeling en wroeging in September 1932 besluit dat UP voortaan 'n Afrikaanse karakter sou hê.<sup>135</sup> Ontevredenheid en politieke ondertone het begin deurgeskemer – sodanig so dat die stadsraad van Pretoria in Desember 1933 sy aansienlike finansiële ondersteuning opgeskort het. Met minister JH Hofmeyr se bemiddeling is vrede en harmonie in Junie 1934 bewerkstellig.<sup>136</sup>


Teen hierdie agtergrond verstryk prof AE du Toit se termyn einde Junie 1934 en, synde 'n hoogs omstrede figuur in eie kringe, word 'n poging om hom tydelik in die pos te kontinueer, gekelder. Daar word gevollik ywerig na 'n opvolger gesoek. Die Raad en Senaat konsuleer en vind eenstemmigheid in die kandidatuur van die gewilde en deurwinterde rektor van die PUK, prof Ferdinand Postma.<sup>137</sup>

Postma het interuniversitêr sterk gestaan, onder andere vanweë sy rol in die Senaat van die Universiteit van Suid-Afrika, waar hy vir twee termyne (1926-28) as voorsitter opgetree het. Sy ywer en stryd vir die PUK in die voorafgaande jare, om die inrigting van

sy aspoester-status te bevry, en om die uitgesproke Afrikaanse en Christelike karakter daarvan te bewaar, het beslis nie ongemerk verbygegaan nie. Sy gematigde persoonlikheid en sy slag om met mense te kommunikeer was verdere pluspunte vir die belangrike pos van rektor van 'n universiteit wat kennelik behoeft aan sterk leiding gehad het.


Vir RB Saayman, pasaangestelde rektor van die Grey Universiteitskollege en 'n man wat destyds bekend was vir sy uitgesprokenheid en sy betrokkenheid by sy inrigting se onverkwiklike taalstryd,<sup>138</sup> was dit ietwat ironies en vreemd dat huis hulle wat Postma tevore so teenbewerk het, nou hulle flikkers vir hom goo. Saayman dra sy gelukwense oor vir die eer en onderskeiding wat hulle hom wil aandoen: "Want ek beskou dit as 'n eer ... dat mense wat, na ek veronderstel, radikaal van u lewensopvatting verskil soveel vertroue het in u regverdigheid en billikhedsin dat hul u aan die roer wil sit." Hy en ander sal dit egter betreur as hy aanvaar, maar gee toe dat die versugting nie uit "puur onselfsugtige oorweginge" gemotiveer is nie: "Vraag is, waar kan u ons volksaak die beste dien, en ek is nie heeltemal oortuig dat dit nie huis op Pretoria is op hierdie tydstip van ontwrigting nie."<sup>139</sup>

Vier dae nadat die Raad en Senaat van UP eenstemmig was oor Postma as die aangewese man vir die pos, lê die Raad egter nog vier ander name aan die Senaat voor, vir 'n aanbeveling: proff T Haarhoff, SPE Boshoff, RW Wilcocks (Stellenbosch) en ds Wm Nicol, vooraanstaande NG-predikant. Die Senaat elimineer die veelsydige voormalige PUK-dosent SPE Boshoff as "heeltemal onaanneemlik", hulle twyfel oor Haarhoff en Wilcocks en bevind "dat Professor Dr F. Postma nog die mees gesikte kandidaat is vir die Rektoraat". As die Raad egter van oordeel is dat 'n kandidaat wat met een of ander kerkgenootskap verbind word, "op die oomblik aanleiding sal gee tot onenigheid en stryd binne of buite die Universiteit op grond van oorwegings van kerklike aard", dan moet sowel Postma as dr Nicol se name geskrap word.<sup>140</sup>



3.2.27

*RB Saayman, rektor van GUK: advies aan Postma.*



## 3.2.28

*Ander kandidate vir die warm rektorstoel van UP in dié tyd was onder meer prof RW Wilcocks (links) wat kort hierna rektor van die Universiteit van Stellenbosch geword het, en prof SPE Boshoff, oud PUK-personeellid (regs).*

Die Raad het nie die twee “kerklike” kandidate geskrap nie, maar op 16 November word prof Wilcocks met meerderheid van stemme as rektor aangewys.<sup>141</sup>

Op Potchefstroom is daar ‘n sug van verligting geslaak en spreek die voorsitter van die PUK-Raad sy dank uit “dat daar op die oomblik die vooruitsig bestaan dat die Rektor aan ons inrigting sal bly”.<sup>142</sup>

Die UP-Senaat was diep beswaard oor die Raad se handelswyse, wat volgens dié liggaam die gees en strekking van die wet en statuut skend, en het gedreig om die saak met die minister op te neem. Nie dat hulle iets teen Wilcocks as persoon het nie, sê hulle, maar ‘n kandidaat wat nie die vertroue van die Senaat het nie, se posisie sal onmoontlik wees.<sup>143</sup>

Wilcocks, wat na alle waarskynlikheid kennis geda het van die strominge en verdeeldheid, het die benoeming van die hand gewys.<sup>144</sup> Maar hy het seker ook oor ander “binne inligting” beskik want pas hierna, in Januarie 1935, is hy aangewys as rektor van sy eie universiteit.<sup>145</sup>

Middel-Maart 1935 lê die Raad drie name aan die Senaat voor, maar die komitee van dekane (namens die Senaat) kyk na verskeie ander name, onder andere die wêreldberoemde veeartsenykundige sir Arnold Theiler, die bekende argitek en kultuurstryder, mnr Gerhard Moerdyk en prof DF Malherbe (rektor van GUK) voordat hulle maar weer terugval op prof Postma as eerste keuse, en prof HG Viljoen, eertydse redakteur van *Die Huisgenoot* en bestempel as “klassikus van besondere formaat”,<sup>146</sup> as tweede opsie.<sup>147</sup>

Presies hoe sake hierna verloop het, is nie duidelik uit beskikbare bronne nie, maar op 17 April besluit die Raad, weer deur eliminasie, om SPE Boshoff se naam aan die Senaat voor te lê. Op sy volgende vergadering

sal hy dan finaal vir of teen Boshoff stem.<sup>148</sup> Weer haal die hoogste bestuursliggaam hom die gramskap van sy Senaat op die hals en besluit hulle om die saak met die minister op te neem en ook hul standpunt in die openbaar te stel. Wat nou begin grens het aan die spreekwoordelike teater van die absurde, duur steeds voort want die Raad steur hom nie huis hieraan nie en vra die minister se goedkeuring om Boshoff as rektor aan te stel. Minister Hofmeyr veto egter Boshoff se benoeming!<sup>149</sup> Na nog verdere beraadslaginge en kopkrap het UP uiteindelik in Junie 1935 vir mnr CF Schmidt, ‘n voormalige direkteur van Onderwys in die Vrystaat en nou prominente staatsamptenaar (Kontroleur- en Ouditeur-generaal) in die rektorstoel gevestig.<sup>150</sup>

Uit die harwar rondom die rektorskessie blyk dit dat Postma nog tot ongeveer einde Maart 1935 die UP-Senaat se man was, maar om een of ander rede (waaroor nie inligting uit die bronne verkry kon word nie), het die UP-Raad net nie vat aan hom gehad nie. Sou dit dalk die kerklike faktor wees, soos trouens by geleentheid in die lank uitgerekte siftingsproses na vore getree het?

En Postma self, hoe het hy oor sy kandidatuur gevoel? En as hy die benoeming gekry het, wat sou hy gemaak het?

Anders as tydens die “beroepinge” na die VU (1919) en die Gereformeerde Kerk van Pretoria-Oos (1921), is in hierdie geval ongelukkig niks bekend van Postma se sentimente oor die saak nie. Dit kan wel aanvaar word dat sy voorstanders in die UP-Senaat vooraf en ook deurlopend met hom in verbinding was en dat hy minstens tot en met die Raadsbesluit op 17 April, om Boshoff aan te beveel, in die wedloop was.

Die kansie dat Postma ‘n sodanige benoeming sou aanvaar, moes baie groot gewees het. Hy was al reeds vir 30 jaar verbonde aan die Potchefstroomse inrigting en het pas tevore ‘n leeue-aandeel gehad in die herstel van die sogenaamde “verminkte vaandel”, waardeur die Christelike karakter van die PUK in sy naam herbevestig is. Ook oor die Afrikanerkarakter van die PUK was daar geen twyfel nie en Postma kon met genoegdoening terugkyk op sy bydrae en rol in die vestiging en ontwikkeling van hierdie besondere instelling. Die rektorskap van UP was op hierdie tydstip wel, in ‘n ietwat negatiewe sin, ‘n “warm stoel”, maar Postma was nie ‘n persoon wat vir uitdagings weggeskram het nie. Sy hoë premie op roepingsbewustheid sou hom heel waarskynlik genoop het om sy besondere talente in diens van hierdie universiteit, wat kennelik ‘n identiteitskrisis beleef het, te stel.



In 1939 is rektor Ferdinand Postma vir die soveelste keer deur die Raad bemagtig om die inrigting se sake te bestuur en te lei. Hy sou huiver, was Postma se reaksie, om hierdie groot verantwoordelikheid op hom te neem, veral nou dat die wêreldtoestande so besonder ongunstig geword het, maar met die hulp en steun van die Raad en Senaat "en in kinderlike vertroue op God word die moeilike taak aanvaar".<sup>151</sup>

# PROF. F. POSTMA GEHULDIG

## Plegtige Funksie Op Potchefstroom

(Van Ons Spesiale Verteenwoordiger)

*Die Transvaler Saterdag 25 November 1939.*

POTCHEFSTROOM, Vrydag.

Die huldiging van prof. dr. F. Postma, Rektor van die Universiteitskollege van Potchefstroom, in die stadsaal vanaand, was een van die plegtigste gebeurtenisse in die geskiedenis van die Potchefstroomse Universiteitskollege. Meer as 400 gaste uit al vier die provinsies, het eer aan die Rektor van die oudste universitaire inrigting in die Noorde betoon. Die saal is vir die geleentheid skitterend in die kleure van die kollege getooi.

Prof. Postma, wat sedert 1921 rektor en reeds 36 jaar lank hoogleraar aan die P.U.K. is, het vandag sy 60e verjaarsdag gevier. Sy hele lewe het hy aan die kollege gewy en die kragtige bloei van die P.U.K. in die afgelope jare, is hoofsaaklik aan sy onvermoeide arbeid te danke.

Mnr. J. H. Hofmeyr, Minister van Onderwys, ds. Dirk Postma, van Burgersdorp, en voorvasser van die Kuratorium van die Teologiese Skool, mnr. C. L. Olen, oud-burgemeester van Potchefstroom, mnr. C. F. Schmidt, Rektor van die Universiteit, Pretoria, prof. Raikes, Rektor van die Universiteit Witwatersrand, en die hoofde van die plaaslike opvoedingsinrigtings, kerke en ander liggame was teenwoordig.

Ds. Postma, die oudste broer van die jubilaris, wat die heilopronk op die Teologiese Skool en die P.U.K. ingestel het, het die gaste verwelkom en meegedeel hoe hy en prof. Postma in 1902 in Amsterdam al die toekomsdroom van 'n sterk teologiese skool en universiteit gekoester het.

Die groei van die inrigting is in die eerste plaas te danke aan God, soos die leuse van die kollege: „In U Lig“, aandui. Die doel van die inrigting is die nederige diens van God en volk.

Tagtig jaar gelede is die grondslag van die inrigting wat nou so sterk is, reeds in die klein gelê. Ds. Postma het ds. T. T. Spoelstra, die skrybaan van die kuratorium, daarop gevra om 'n adres namens die kuratorium aan prof. Postma en sy gade aan te bied.

Prof. Postma is ook 'n tjet deur die kuratorium aangebied.

Ds. W. J. de Klerk, voorvasser van die Raad van die P.U.K., het daarop 'n huldigingswoord uitgespreek. Nie alleen die oud-studente en die pro-

besluit om met die toestemming van die Minister van Onderwys die salaris van prof. Postma met £100 per jaar te verhoog as blyk van erkenning vir 'n diens wat nie met geld vergoed kan word nie."

Hierdie skenkking van £500 is deur die Raad, die oud-studente en die personeel van die P.U.K. gedoen. Aan verskeie P.U.K.-komitees is daarop kamers in die geboue wat daar hulle afbetaal is, geskenk waar onderveral genoem kan word die dameskomitee van Potchefstroom wat onder voorsitterskap van mnr. Postma £4.794 ingesamel het.

Die komitee van Burgersdorp het £529 opgelewer en dié van Pretoria £730.

Prof. G. Dekker het namens die drie groepen geantwoord. Hierdie komitees, het dr. Dekker verklaar, is voorneemlik om verder voort te arbei.

### N VRIEND

Min. Hofmeyr het verklaar dat dit vir hom 'n eer is om aan die huldiging deel te neem, omdat hy prof. Postma as vriend waardeer en as onderwysman hoog ag. Spr. het verklaar dat hy nooit een universiteit soos die ander bevoordeel het nie en dat hy nooit in die beleid van die individuele universiteit wou ingryp nie.

Elke universiteit moet 'n besondere deel van die volk dien. Min. Hofmeyr het met groot waardering van sy vriendskap met prof. Postma gewag gemaak, asook van die groot werk wat die Rektor verrig het.

Dat Postma inderdaad die onbetwiste akademiese leier op die Bult was, word duidelik weerspieël in die wyse waarop in November 1939 aan hom hulde betoon is.

Reeds in Februarie 1938, pas nadat die Raad met groot genooë kennis geneem het van die groot vordering wat Postma gemaak het met die insameling van fondse, is uiting gegee aan 'n "lang gevoelde behoefté" toe besluit is om aan hom 'n huldeblyk te laat toekom "vir alles wat hy vir hierdie inrigting al opgeoffer het". Daar is besluit om so 'n huldiging te laat plaasvind by die sooisipseremonie wanneer begin word met die fondament van die beoogde nuwe laboratoriumgebou. Later is die funksie uitgestel na November 1939, om saam te val met die jaarlikse vergadering van die kuratore en 'n geskeduleerde raadsvergadering.<sup>152</sup>

Op Vrydag 24 November het die huldiging uiteindelik 'n werklikheid geword en het die plegtigheid saamgeval met die tagtigste herdenking van die stigting van die Teologiese Skool, in 1869. Vroeër in die jaar het Postma sestig geword, terwyl dit ook sy twintigste jaar as rektor van die PUK was. By alles sou sy ondersteuners en kollegas die geleentheid benut om dankie te sê vir sy groot bydrae ten opsigte van fondsinsameling sedert 1927-28.

Dit was inderdaad 'n merkwaardige geleentheid waaraan boonop verdere luister verleen is deur die aanwesigheid en optreden van minister van Onderwys, JH Hofmeyr. Meer as 400 gaste het die spoggeleentheid in die Potchefstroom stadsaal, "skitterend in die kleure van die kollege getooi", bygewoon.

In sy rede het minister Hofmeyr hulde gebring aan Postma as kennis en vriend en melding gemaak van takt, persoonlikheid, menslikheid en verdraagsaamheid as "almal kenmerke wat prof Postma tot een van die grootste onderwysleiers in Suid-Afrika gemaak het". Meer nog: "Prof Postma het 'n groot inrigting opgebou nadat hy geroep was tot 'n klein inrigting in 'n klein dorp met 'n beperkte inwonertal."

Dit was nog die tyd van en 'n aand vir toesprake. Oudste broer ds. Dirk Postma het vertel van die tyd van ideaalvorming in Amsterdam aan die begin van die eeu, ds. T. Spoelstra het namens die kuratore 'n adres en 'n tjet oorhandig terwyl raadsvoorsitter WJ de Klerk ook 'n vet tjet (£500) aan Postma gegee en 'n aansienlike salarisverhoging vir personeel aangekondig het.

Hierna het komitees boufondstjeks oorhandig terwyl SR-voorsitter PJ (Peet Priester) Coetzee namens die studente 'n WH Coetzer-skildery aan Postma beloof het. Groot vriend Japie (JD) du Toit het iets te sê gehad oor Postma se "lang en romantiese stryd" – hoe hy, as beurswenner, hom nie na 'n groot Kaapse kollege



begeef het nie, maar wel na Burgersdorp, en later "met die wapen in sy hand om die vryheid van sy volk" gaan veg het. Prof J Chr Coetzee het getuig van die uitstekende personeelverhoudinge onder Postma se leiding terwyl prof DJ van Rooy namens die personeel gepraat het.

Maar nog meer mense bring hulde: rektore WH Raikes (Witwatersrand) en CF Schmidt (UP) en prof J van der Merwe namens UKOVS, plaaslike volksraadslid Hubert van der Merwe en burgemeester J Gaisford. Dit was voorwaar, soos *Die Transvaler* dit uitgedruk het, "een van die plegtigste gebeurtenisse in die geskiedenis van die Potchefstroomse Universiteitskollege".<sup>153</sup>

Kollegas en vriende wat nie in die vreugde kon deel nie, het in hul dosyne by wyse van telegramme en brieve van hulle laat hoor, hulde gebring en lof besing:

- Prof PB Denison, rektor Natal Universiteitskollege: "Few people in academic circles in South Africa appreciate more than I do what you have done for the Potchefstroom University College and for Christian Higher Education in South Africa."
- Minister Oswald Pirow: "Sy groot werk vir Afrikanerdom en besielende leiding kan nie hoog genoeg geloof word nie."
- Prof W Arndt, Bloemfontein: "Mag God u seen op die voortgesette lewenspad en u ook in die toekoms tot seen laat wees vir u geliefde P.U.K., vir die Universiteit van Suid-Afrika en vir die hele Unie. O, hoe beny ek Potchefstroom om hulle Rektor; hoe beny ek u inrigting dat hy 'n raad, 'n senaat en 'n studenteliggaaam het wat met een ideaal besiel is. Mag u nog aanhoudend ondervind hoe u bemoeiinge met die grootste sukses bekroon word."
- Vanuit Grahamstad stuur prof WP Bond as ou vriend "affectionate greetings and congratulations on the wonderful part you have played in the building up of the College and creating a tradition of service and loyalty that generations of students will strive to follow". Hy swaai Postma verder lof toe: "At Oxford I and hundreds of others owed a deep debt of gratitude to our Dean and Tutors, men of your type and character, who looked not for reward or praise."
- Die *Potchefstroom Herald*, in 'n hoofartikel (1.12.1939) verwys na 'n opmerking tydens 'n debat met Oxford-studente in die stadsaal 'n aantal jare tevore, naamlik "that it was the first university they had found housed in wood-and-iron" en voeg daaraan toe: "But Dr Postma overcame his environment, and still anticipates further progress for the institution for which he has accomplished so much."

Ook van studentekant is daar hoë hulde gebring. In 'n redaksionele artikel in die studenteblad het subredakteur JJS Venter (die redakteur was Johannes Postma, die rektor se seun) 'n oorsig gegee oor prof Postma se rol in die ontwikkeling van die PUK en tot die gevolgtrekking gekom "dat dit alleen die werk en onvermoeide ywer van 'n groot gees, 'n selfverlonende, offervaardige en 'n Godverankerde gelowige kan wees". Sy hele lewe is gewy aan die grootse en ewige beginsel, waarvolgens ook die wetenskap in die lig van God se woord doseer moet word. "As alle studente, wat hierdie inrigting verlaat, die beginsels en opleiding wat hulle hier ontvang het, maar net uitdra en toepas in hulle werk, dan sal die P.U.K. wees soos 'n suurdeeg wat ons hele volkslewe deursuur; dit sal word die pit waaruit 'n pragtige boom van Calvinistiese en nasionale Afrikanerdom sal groei. Mag die vervulling van hierdie ideaal die kroon wees op u lewenstaak. En mag dit aan u gegee word, Professor, om nog in u lewe te aanskou 'duisende studente wat rondwandel aan die oewers van die Mooi-rivier'. Is dit onmoontlik dat die P.U.K. nog sal uitgroeи tot dié universiteit van Suid-Afrika?"<sup>154</sup>

In sy jaarverslag het Studenteraadsvoorsitter PJ (Peet) Coetzee ook namens die SR en die studente hulde gebring en waardering betuig vir onvermoeide ywer en toewyding in belang van die inrigting, oor die jare heen tot nou, waar hy op die oomblik besig is "om met onberekenbare opoffering en ontbering fondse in te samel". En dan, miskien die soetklinkendste lof in Postma se oor: "U was vir ons nog altyd 'n vriend en 'n vader."<sup>155</sup>

### 3.2.9 Oorlogswolke

In Europa was donker oorlogswolke aan 't saampak. In die loop van die jaar vertrek prof Eiselen op 'n jaarlange studiereis na Duitsland.<sup>156</sup> Einde Julie 1939 wend ook prof S du Toit hom met studieverlof oorse, na Nederland. Iets meer as 'n maand later bars die lank dreigende oorlogsgeweld in Europa los en moes Du Toit hom inderhaas uit die voete maak, terug na sy vaderland, om uit die spervuur van 'n ontbrandende wêreldoorlog te kom.<sup>157</sup>

Kollega Eiselen was nie so gelukkig nie. Pas nadat hy sy doktorale studies aan die Universiteit van Jena "met groot lof" voltooi het, breek die Tweede Wêreldoorlog uit en word hy en sy egenote in Duitsland aangehou. Aanvanklik was daar groot onrus en onsekerheid op die PUK oor wat presies aan die gang was, maar na 'n tydjie is hulle vrygelaat en kon prof Eiselen weer sy werkzaamhede aan die PUK aan die begin van 1940 hervat.<sup>158</sup>

Moeilike tye het voorgelê ...